



Wes-Kaapse
Regering

Kultuursake en Sport

Jaarlikse Prestasieplan

2019/2020

Departement van Kultuursake en Sport Wes-Kaap

Jaarlikse Prestasieplan

2019/20

4 Maart 2019

VOORWOORD

Die Departement van Kultuursake en Sport het beduidende vordering gemaak in die aanmoediging van uitmuntendheid en insluiting in sport en kultuur deur die doeltreffende en doelmatige gebruik van ons hulpbronne, asook deur volhoubare vennootskappe. In die strewe na uitmuntendheid om die Wes-Kaap die sport-en kultuursentrum van Suid-Afrika te maak, is ons steeds daartoe verbind om die instaatstellende omgewing te skep wat toegang tot massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling verhoog ten einde ons visie van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe en aktiewe en verbonde Wes-Kaap te bereik.

Hierdie jaarlikse Prestasieplan konsolideer die maatreëls wat ingestel is om ons visie, missie en strategiese doelwitte ooreenkomstig met ons prestasieteikens binne die bewilligde begroting vir die 2019/20-boekjaar te bereik.

In die strewe om ons strategiese doelwitte te bereik, is ons bedag op die verskeie uitdagings waarmee ons gekonfronteer sal word. Ek is egter vol vertroue dat die Departement sal voortgaan om ons mandaat van die mense van die Wes-Kaap met groot sorg, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovasie en reaksie uit te voer.

Hierdie plan is opgestel met behulp van insette deur gemeenskappe, personeel, eksterne belanghebbers en strategiese vennote en dit sal dien as 'n amptelike riglyn vir die Departement vir die jaar wat voorlê. Ek sien uit daarna om pro-aktief die nodige politieke leiding te gee op ons pad na die vereniging van die diverse mense van ons provinsie deur middel van sport en kultuursake.

.

ANROUX MARAIS, LPP

WES-KAAPSE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT

FEBRUARIE 2019

AMPTELIKE BEKRAGTING

Ons, die ondergetekendes, sertifiseer hiermee dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- opgestel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van Minister Anroux Marais;
- voorberei is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Kultuursake en Sport; en
- 'n akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om te behaal, gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2019/20 beskikbaar gestel word..

Shaun Julie

Strategiese en Operasionele Bestuursondersteuning

Handtekening

Brenda Rutgers

Hoof- Finansiële Beampte

Handtekening

Brent Walters

Rekenpligtige Beampte

Handtekening

Goedgekeur deur:

Anroux Marais

Uitvoerende Gesag

Handtekening

INHOUD

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG	8
1. Visie	8
2. Missie	8
3. Waardes	8
4. Wetgewende en ander mandate	8
4.1 Grondwetlike mandate	8
4.2 Wetgewende mandate	10
4.3 Beleidsmandate	14
4.4 Toepaslike hofbeslissings	36
4.5 Beplande beleidsinisiatiewe	37
5. Situasië-ontleding	37
5.1 Prestasie-omgewing	39
5.2 Organisasie-omgewing	52
5.3 Beskrywing van die proses vir strategiese beplanning	56
6. Departement se doelwitte wat op strategiese uitkomst gerig is	57
7. Oorsig van 2019/20-begroting en MTUR-ramings	58
7.1 Uitgaweramings	58
7.2 Verband tussen uitgawetendense en doelwitte wat op strategiese uitkomst gerig is	58
DEEL B: PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING	59
8. Program 1: Administrasie	59
8.1 Strategiese doelwitte	60
8.2 Strategiese doelwit - jaarteikens vir 2019/20	60
8.3 Risikobestuur	60
8.4 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse en kwartaalteikens vir 2019/20	61
8.5 Versoening van prestasietekens met die begroting en MTUR	62
9. Program 2: Kultuursake	63
9.1 Strategiese doelwitte	63
9.2 Strategiese doelwitte – jaarteikens vir 2019/20	64
9.3 Risikobestuur	66
9.4 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse en kwartaalteikens vir 2019/20	67
9.5 Versoening van prestasietekens met die begroting en MTUR	70
10. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	71
10.1 Strategiese doelwitte	71
10.2 Strategiese doelwit – jaarteikens vir 2019/20	72
10.3 Risikobestuur	72

10.4 Programprestasi-aanwysers en jaarteikens vir 2019/20.....	74
10.5 Versoening van prestasietekens met die begroting en MTUR	78
11. Program 4: Sport en Rekreasie	79
11.1 Strategiese doelwitte	79
11.2 Strategiese doelwit – jaarteikens vir 2019/20	81
11.3 Risikobestuur.....	81
11.4 Programprestasi-aanwysers en jaarteikens vir 2019/20.....	83
11.5 Versoening van prestasietekens met die begroting en MTUR	86
DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE.....	88
12. Skakels met langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne	88
13. Voorwaardelike Toelaes	88
14. Openbare Entiteite.....	94
15. Openbare-privaat vennootskappe	94
BYLAE A: VERANDERINGE AAN STRATEGIESE PLAN.....	95

Akronieme

AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
CASMIS	Bestuursinligtingstelsel van die Departement van Kultuursake en Sport
Ce-I	Sentrum vir e-innovering
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DKK	Nasionale Departement van Kuns en Kultuur
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste (Jaarliks)
DSA	Departement vir Staatsdiens en Administrasie
EWK	Erfenis Wes-Kaap
GBBP	Gebruikersbatede bestuursplan
GBI	Gesamentlike Beplanningsinisiatief
GI	Gelyke Indiensneming
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
HFB	Hoof-Finansiële Beampte
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
ING	Interaktiewe Netwerk vir Gemeenskapstoegang
GBB	Geïntegreerde bewaringsbestuursplan
IRV	Interregeringsverhoudings
IWG	Indaba-werkgroep oor GOP
LPP	Lid van die Provinsiale Parlement
LUR	Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad (provinsiale Minister)
M & E	Monitering en Evaluering
MGO	Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en groei
MH	Menslike Hulpbronne
MMG	Mense met gestremdhede
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MVV	Memorandum van Verstandhouding
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030
NRO	Nie-regeringsorganisasie
NSRP	Nasionale Sport- en Rekreasieplan
NSSW	Naskoolse Spelwisselaar
NSP	Naskoolse Program
NU	Nasionale Uitkoms
OIB	Ondernemingsinhoudsbestuur
ORB	Ondernemingsrisikobestuur

PALAMA	Leierskaps- en Bestuursakademie vir Openbare Administrasie
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PK	Provinsiale Kennisgewing
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PTK	Provinsiale Taalkomitee van PanSAT
RLCP	Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek
ROR	Ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk
RSA	Republiek van Suid-Afrika
RWM&E-stelsel	Regeringswye Monitoring- en Evalueringsstelsel
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SBD	Senior Bestuursdiens
SGMDP	Siyadlala-gemeenskapsmassadeelnameprogram
SRSA	Sport en Rekreasie Suid-Afrika (die nasionale departement verantwoordelik vir sport en rekreasie)
SSMDP	Skoolsport-massadeelnameprogram
UK	Universiteit van Kaapstad
UK GSB	Universiteit van Kaapstad Graduate School of Business
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
UWK	Universiteit van die Wes-Kaap
VKB	Voorsieningskettingbestuur
WCLC	Wes-Kaapse Taalkomitee
WCR	Wes-Kaapse Regering
WK	Wes-Kaap
WSAOBI	Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingdiens
WKKGN	Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WOSA	Hele-samelewing-benadering

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. Visie

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

2. Missie

Ons moedig uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur middel van die doeltreffende, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, asook deur middel van kreatiewe vennootskappe. Deur na uitnemendheid te beweeg en deur die Wes-Kaap die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika te maak, sal ons die omstandighede skep vir toegang en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling.

3. Waardes

Sorg, Bevoegdheid, Verantwoordbaarheid, Integriteit, Innovasie en Reaksie.

4. Wetgewende en ander mandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou as bindend die wetgewende mandaat waarop sy totale funksionering gegrond is, veral doeltreffende, doelmatige en toeganklike dienslewering, gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering, die Batho Pele-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die tabelle hier onder beskryf word.

4.1 Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en gelyk behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK), in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport (DKES), het die verantwoordelikheid om die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid, wat in 2001 aanvaar is, te monitor en te evalueer, en moet minstens jaarliks aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die DKES het toesig oor die WKTK en verskaf administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Komitee.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat deur die Departement aangebied en ondersteun word.

Artikel	Beskrywing
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit en taalverskeidenheid van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge	Die DKES werk met alle sfere van die regering saam. Met betrekking tot die spesifieke mandate werk die Departement nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en die Departement van Sport en Ontspanning (Sport en Rekreasie Suid-Afrika, die nasionale departement verantwoordelik vir sport en rekreasie), met nasionale en provinsiale openbare entiteite en met Wes-Kaapse munisipaliteite.
Artikel 156(4): Toewysing van magte	Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige toepaslike voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra of deleger van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikewys op plaaslike regering betrekking het, indien: - ☐ daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en ☐ die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. Die DKES fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word gelewer in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur deur die Voorwaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke, met verdere ondersteuning van die Provinsiale Tesourie se munisipale vervangingsbefondsing.
Bylae 4: Funksionele Gebiede van Konkurrente Nasionale en Provinsiale Wetgewende Bevoegdheid	Kultuuraangeleenthede: ☐ Die DKES werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en verwante staatsinstellings rakende konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede. Taalbeleid en die regulering van amptelike tale, in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer opdra: Die DKES werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende taalbeleidsaangeleenthede
Bylae 5: Funksionele Gebiede van Eksklusiewe Provinsiale Wetgewende Bevoegdheid	Argiewe buiten nasionale argiewe: ☐ Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe buiten en behalwe nasionale argiewe op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens. Biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke: ☐ Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse biblioteekdiens en om nou saam te werk met die openbare biblioteekowerhede om 'n openbare biblioteek- en inligtingsdiens te lewer. Museums buiten en behalwe nasionale museums: ☐ Die DKES het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing rakende museums buiten en behalwe nasionale museums op te stel en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale Museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun. Provinsiale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name): ☐ Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne, 1999 (NWEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy wetlike mandaat uit te voer en te administreer. Die LUR [Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad] stel die Raad van EWK aan en is die aangestelde erfenis appèlowerheid vir die Wes-Kaap. ☐ Die DKES voorsien professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name (WKKGN) om openbare oorlegpleging in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name in die Wes-Kaap te fasiliteer. Sodra konsultasie voltooi is, doen die provinsiale Komitee aanbevelings aan dié Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Sport:

Artikel	Beskrywing
	□Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n instaatstellende omgewing vir sport- en ontspanningsaktiwiteite.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	DKS-amptenare is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel gee 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels wat die openbare administrasie beheer. Artikel 195(1)(b) vereis dat die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne bevorder moet word. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet dus die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste lewer.
Artikel 92 en 133	Artikel 92 beklemtoon dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die verrigting van hulle funksies en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien. Artikel 133 bepaal dat die LUR's van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hulle magte en die verrigting van hulle funksies, en dat hulle die wetgewer met volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer moet voorsien.
Grondwet van die Wes-Kaap, Wet 1 van 1998	
Artikel 5	Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet: □die amptelike tale Afrikaans, Engels en Xhosa gebruik word; en moet □hierdie tale gelyke status geniet. Die Wes-Kaapse Regering moet deur wetgewing en ander maatreëls die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa reguleer en monitor. Die Wes-Kaapse Regering moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer om die status te verhoog en die gebruik van daardie inheemse tale van die Wes-Kaap wie se status en gebruik histories ingekort is, bevorder.
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike befondsing, binne die Wes-Kaapse Regering se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Registrasie van en steun vir kultuurrade: □Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die DKES hou toesig oor die WKKK en voorsien die Kommissie van administratiewe en finansiële ondersteuning.
Artikel 81	Die Wes-Kaapse Regering moet die beleide aktief aanneem en implementeer om die welsyn van die mense van die provinsie te handhaaf, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik: □die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en □die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van die huidige geslag en die nageslag. Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.
Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette.

4.2 Wetgewende mandate

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Administrasiebestuur, 2014	Wet 11 van 2014	Om die basiese waardes en beginsels wat die staatsadministrasie, waarna in Artikel 195(1) van die Grondwet verwys word, beheer te bevorder; om voorsiening te maak vir die oorplasing en sekondering van werknemers in die openbare administrasie; om die doen van besigheid met die Staat te reguleer; om voorsiening te maak vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; om voorsiening te maak vir die vestiging van die Nasionale Staatskool; om voorsiening te maak vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in die openbare administrasie; om die Eenheid vir Etiek, Integriteit en Dissiplinêre Tegnieke Bystand in die Openbare Administrasie te vestig; om

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrwyng
		voorsiening te maak dat die Minister minimum norme en standaarde stel vir openbare administrasie; om die Kantoor vir Standaarde en Nakoming in te stel om nakoming van minimum norme en standaarde te verseker; om die Minister te bemagtig om regulasies op te stel; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur: • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, konstitusionele instellings en provinsiale wetgewers; • verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instellings doeltreffend en bekwaam bestuur word; en • definieer die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in hierdie liggame toevertrou is.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur, <i>inter alia</i> , die Staatsdienswysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Die Wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKKS, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyn, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe wet	Die Wet op die Verdeling van inkomste (DORA) doen elke jaar die volgende: • maak voorsiening vir die billike verdeling van inkomste wat nasionaal ingevorder word tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; • bepaal elke provinsie se billike deel van die provinsiale deel van daardie inkomste; en • doen toekennings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste onderworpe aan voorwaardes. Die DKES ontvang voorwaardelike toelaes van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te kry tot rekords wat deur die staat, staatsinstellings en privaat liggame besit word. Die DKES en enge ander openbare en privaat liggaam moet onder andere: • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien vir toegang tot inligting wat daardie liggaam besit; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke vir toegang tot inligting wat die liggaam besit, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: • sit die reëls en riglyne uiteen wat administrateurs moet volg wanneer besluite geneem word; • vereis dat administrateurs mense inlig oor hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek ; • vereis dat administrateurs redes gee vir hulle besluite; en • gee aan lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs in die hof te bevraagteken..
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kulturele instellings rakende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede skakel en saamwerk.
Wet op die Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegewys en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalinge van die Wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is aan die Wes-Kaap toegewys en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalinge van die Wet.
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van die Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Advieskomitee vir Nasionale Argiewe. Die Departement is ook verantwoordelik vir die nakoming van nasionale norme en standaarde soos uiteengesit ingevolge hierdie Wet.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger in die Nasionale Kunsteraad (NKR) vir samewerking met die Nasionale Kunsteraad en vir die administrasie van befondsing van die

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrwyng
		Nasionale Kunsteraad vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger in die Nasionale Erfenisraad, vir samewerking met die Nasionale Erfenisraad en vir die koördinerende van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte van die Nasionale Erfenisraad in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van hierdie Wet deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, liefste 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, op die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA). Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR 'n Raad vir EWK – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat in gevolg die WNEH aangestel is – moet aanstel. Die Departement het ook die verantwoordelikheid vir skakeling en samewerking met SAEHA, Erfenis Wes-Kaap en munisipaliteite in verband met die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES help die LUR ook om appêlle wat by hom of haar teen besluite deur Erfenis Wes-Kaap ingedien is, te hanteer.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie Wet vereis onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n Provinsiale Taalkomitee (PTK) in elke provinsie moet instel. PanSAT het die mag om 'n bestaande PTK as die PanSAT Provinsiale Taalkomitee te erken indien dit die komitee beskou as voldoende verteenwoordigend van die taalbelange in daardie provinsie. PanSAT doen verslag oor die werk van die Wes-Kaapse Taalkomitee as die werk van sy PTK vir die Wes-Kaap.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om waar nodig openbare konsultasie in verband met voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name. Sodra konsultasie afgehandel is, doen die WKPGNK aanbevelings by die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstel van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die Departement is ook daarvoor verantwoordelik om te voldoen aan die bepalings van die Wet en die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys en die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys vir andag deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Rekreasie, 1998	Wet 110 van 1998	Die Wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en rekreasie en die koördinerende van verhoudings tussen SRSA, SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die Wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en rekreasie reg te stel; die bevordering van gelykheid en demokrasie in sport en rekreasie; en maak voorsiening vir meganismes vir die oplos van dispute in sport en rekreasie.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame geprosesseer word en gee sekere voorwaardes om minimumvereistes vir die prosessering van persoonlike inligting in te stel. Die Wet maak ook voorsiening vir die vestiging van 'n inligtingreguleerder om sekere magte uit te oefen en om sekere pligte en funksies ingevolge hierdie Wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, uit te voer. Die Wet maak verder voorsiening vir die uitreiking van gedragskodes, vir die regte van persone in verband met ongevraagde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming, om die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Provinsiale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie Wet ingestel is, moet onder andere: ☐ die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering moniteer; ☐ by die LUR en die Provinsiale Parlement aanbevelings doen oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleid wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap verband hou; ☐ die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; ☐ die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; ☐ die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie taalaangeleenthede in die Provinsie adviseer; en ☐ PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien hierdie Komitee van administratiewe en finansiële ondersteuning.
Wet op Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	Hierdie Wet stel die Wes-Kaapse Kultuurkommissie aan om onder andere die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, te oorweeg. Die WKTK mag ook aanbevelings oor die volgende maak; ☐ die visuele, uitvoerende en literêre kunste; ☐ die natuur- en geesteswetenskappe; ☐ kultuurgeskiedenis; en ☐ die jeug se bewustheid van en betrokkenheid by kultuur. Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Komitee.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale gesag vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële ondersteuning aan die EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die vestiging van die gesag en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Engelse weergawe)
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale gesag vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële ondersteuning aan die EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die vestiging van die gesag en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende ampstermyn. (Afrikaans en IsiXhosa weergawes)
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Hierdie Wet stel die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap in staat om staats- en nie-staatsrekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en die Staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder; en om voorsiening te maak vir die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords.
Ordonnansie op Museums, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie wat betref provinsiale museums in die Wes-Kaap. Nuwe provinsiale wetgewing rakende museums word tans in oorleg met relevante belanghebbers opgestel.
Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te reël.
Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

4.3 Beleidsmandate

DEPARTEMENTELE STRATEGIESE TEMAS

Onderwyl al die Departement se pogings daarop gemik is om maatskaplike insluiting te verbeter en die impak op burgers te verhoog, sal die volgende strategiese temas op die maksimale impak op burgers en die gemeenskap fokus:

EKONOMIESE GELEENTHEID	KULTUUR	NASIONALE TROTS
• UOWP – werksgeleenthede • Naskoolse Program – vernouing van geleentheidsgaping • MGO-program en Program vir Naburige Skole • Sport-, Erfenis- en argeologiese, en kultuurtoerisme • Sport-werksgeleenthede • Die ekonomiese saak vir kultuur • Die ekonomiese saak vir sport en rekreasie	• Biblioteke – 'n kultuur van lees en lewenslange leer • Naskoolse Program • MGO-program en Program vir Naburige • Inisiasieprogram • Taal en kultuur, naamlik bevorder die gebruik van inheemse tale waarvan die status histories ingekort.	• MGO-program en Program vir Naburige Skole • Naskoolse Program • Kuns- en kultuuraktiwiteite • Museums • Sportfederasies • Argiewe

Die volgende benaderings onderskryf die temas:

Innovasie

Die Departement se Dramaontwikkelingsprogram is in 2018 met 'n Brons-toekenning by die Premier se Toekennings vir Uitmuntende Diens in die kategorie "beste geïmplementeerde program/projek" bekroon. Die kurrikulum vir dramontwikkeling is ontwerp om innovasie te beloon en het tot goed gekonseptualiseerde produksies gelei wat op veelvuldige platforms aangebied kan word.

Openbare biblioteke word innoverend gebruik, aangesien die meeste openbare biblioteke 'n dubbele doel dien om die tekort aan skoolbiblioteke teen te werk, onderwyl dit terselfdertyd die omliggende gemeenskap dien. Die Departement sal ook met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme saamwerk om die ICAN-sentrums na landelike gebiede via die Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek uit te brei. Hierdie projek sal bestaande infrastruktuur innoverend gebruik om ICAN-sentrums te vestig wat lede van die publiek in rekenaargeletterdheid oplei.

Die Departement gaan voort met die uitbreiding van sy argivale dienste. Dit sluit in die deurlopende digitalisering van die argieferferenis, die ontwikkeling van die beroep in ooreenstemming met die Departement se ooreenkoms met die Nasionale Argiewe in Nederland om opleiding aan argivaris in die Wes-Kaap en in ander Provinsies in Suid-Afrika te voorsien. Daarbenewens word 'n kursus oor rekordbestuursopleiding aangebied, en in samewerking met die Departement van die Premier, is 'n kursus vir aanlyn registrasieklerke ontwikkel.

Die Departement het 'n Goue Toekenning vir Innovasie in die Staatsdiens vir sy Naskoolse Program by die Premier se Toekennings vir Uitmuntende Diens in 2018 ontvang. Benewens die multi-belanghebber innovasie onder die program, het die Departement geïntegreerde denke in sy werk ingesluit wat ondersteuning bied vir uitdagings met betrekking tot maatskaplike innovasie as deel van die YearBeyond-program, asook verskeie innoverende programme wat weë skep vir die indiënsnemming van jeugdiges. As deel van die lewering van die Naskoolse Programme, het die

Departement innoverende infrastruktuur met groepsgebaseerde fasiliteite in die MGO-program en die NSP-program gelewer.

'n Innoverende aspek van die Departement se werk met die Sportfederasies stel die gemeenskap in staat om jaarliks evalueringsvergaderings te monitor. Dit bevorder verantwoordbaarheid, toesig en sluit deelname in.

Die Departement het ook 'n innoverende benadering van woonbuurtontwikkeling tot sport, en gebruik rekreasie, massadeelname, skoolsport, en kuns en kultuur vir woonbuurtontwikkeling wat die volgende voorsien:

- 'n gevoel van behoort
- 'n gevoel van identiteit
- Maatskaplike insluiting
- Lewenslange aktiwiteit ('n "aktiewe nasie")
- 'n weningesteldheid ('n "wen-nasie")

Hierdie benadering van woonbuurtontwikkeling fokus op die ontwikkeling van voorskoolse en skoolgaande jeug tussen die ouderdom van 3 tot 18 jaar oud, binne 12 woonbuurte regdeur die Wes-Kaap Provinsie. Elke woonbuurt lê klem op vroeë kinderontwikkeling tydens skool, sowel as naskoolse aktiwiteite. Dit sluit in speletjies, liggaamsoefening, rekreasie, intra- en inter-skoolgebaseerde aktiwiteite, deelname op die volgende vlak, bemeestering, asook beroepsgebaseerde en professionele aktiwiteite.

Die benadering van gedeelde-fasiliteite word aanvaar deur elke woonbuurt waar skoolgebaseerde fasiliteite óf opgegradeer of ontwikkel sal word. Hierdie fasiliteite sal deur die toepaslike skoolgebaseerde gemeenskappe van elk van die 12 woonbuurte gebruik word.

Hierdie program, wat lewensvaardighede en positiewe maatskaplike boodskappe uitdra, sowel as die benadering van gedeelde-fasiliteite, sal die jeug in elk van die 12 woonbuurte 'n paadjie van 15 jaar, hulpbronne, en ondersteuningstelsels bied wat hulle in staat sal stel om holisties te ontwikkel, en patriotiese burgers, en produktiewe lede van die gemeenskap te word.

Stedelike/landelike dienslewering

Al die Departement se dienste word in stedelike, sowel as landelike gebiede in die Provinsie gelewer.

Die Departement verseker die bewaring van kultuur en erfenis, asook die bevordering van kuns in museums en kunsfasiliteite in landelike distrikte deur middel van sy kuns-, kultuur- en erfenisfasiliteite was as nodes dien.

Die Departement verskaf biblioteekdienspunte in die meeste landelike gemeenskappe (met bevolkings minder as 'n honderd of meer). Die meeste klein biblioteke word voorsien van gratis internettoegang deur middel van die Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek. In baie van hierdie gemeenskappe is dit die enigste beskikbare internettoegang. Die Departement het in samewerking met die SA Biblioteek vir Blindes 17 mini-biblioteke vir blindes in landelike gebiede geloods om te verseker dat blindes en gesiggestremdes regoor die Provinsie toegang tot gratis leesmateriaal het.

Die ruimtelike voetspoor (persele) van die Naskoolse Program is 55% stedelik: 45% landelik. Verskeie ander sport- en ontspanningsaktiwiteite vind ook in stedelike en landelike gebiede regoor die Provinsie plaas. Stedelike en landelike ontwikkeling is verweef met al die Departement se sportontwikkelingsaktiwiteite, projekte en programme, naamlik die Ontspanningsprogram, die MGO-program, en die Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toewysings word daarop gemik om balans ten opsigte van stedelike en landelike ontwikkeling te verseker.

Geslaghoofstroming

Die handwerkontwikkelingsprogram fokus veral op vrouegroepe en alle produkte wat ontwikkel word, word in geselekteerde museums regoor die Provinsie uitgestal.

Verskeie openbare biblioteke lewer uitreikprogramme wat fokus op die bemagtiging van vroue deur middel van geletterdheid, en kwesbare vroue en meisies word ondersteun.

In die Naskoolse program is 51% van die 81 103 gereelde en konsekwente leerders, vroulik.

'n Geslagsgelyke benadering word geneem ten opsigte van sportontwikkelingsaktiwiteite, projekte en programme, naamlik die Ontspanningsprogram, die MGO-program, en die Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toekenningss is daarop gemik om balans ten opsigte van geslag te verseker. Die federasies bied ook sport in alle sportkodes aan mans en vroue, sowel as meisies en seuns aan.

NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die belangrikste dwarsliggende nasionale planne waarop die Departement se planne reageer, is die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2015-2019.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan is daarop gerig om armoede uit te skakel en om ongelikheid teen 2030 te verminder. Dit gee ook 'n breë strategiese raamwerk om leiding te gee ten opsigte van belangrike besluite en handelinge. Dit sit 'n samehangende en holistiese benadering tot die konfrontering van armoede en ongelikheid uiteen op grond van die ses gefokusde, onderling verwante prioriteite wat soos volg opgesom word:

- Verenig alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program om welvaart en gelykheid te bereik.
- Bevorder aktiewe burgerskap om ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te versterk.
- Bewerkstellig vinniger ekonomiese groei, groter belegging en groter arbeidsabsorpsie.
- Fokus op sleutelvermoëns van mense en die staat.
- Bou 'n bekwame en ontwikkelende staat.
- Moedig sterk leierskap in die gemeenskap aan om saam te werk en probleme op te los.

Om alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program te verenig, sê die NOP dat kuns en kultuur kragtige ruimtes ontsluit vir debat oor waar 'n gemeenskap homself bevind en waarheen hy op pad is. Indien dit doeltreffend bevorder word, kan die kreatiewe en kulturele bedrywe aansienlik bydra tot die ontwikkeling van klein besighede, werkskepping en die ontwikkeling en vernuwing van stedelike gebiede.

Om op kernvermoëns van mense en die staat te fokus, sê die NOP dat sport 'n belangrike rol speel in die bevordering van welsyn en maatskaplike samehang. Sport word in die NOP beskou as 'n aangeleentheid wat bydra tot opvoeding, gesondheid en nasiebou.

In ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan het die regering 'n Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) opgestel wat ontwerp is om leiding te gee aan beleide en programme gedurende die vyfjaartydperk van 2014-2019. Die MTSR is die eerste vyf-jaar-boublok vir die uitvoering van die Nasionale Ontwikkelingsplan. Die MTSR bevat 14 prioriteitsuitkomst:

Nasionale Uitkoms 1	Basiese opvoeding van hoë gehalte
Nasionale Uitkoms 2	'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners
Nasionale Uitkoms 3	Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig
Nasionale Uitkoms 4	Behoorlike indiensneming deur middel van 'n inklusiewe groei
Nasionale Uitkoms 5	'n Geskoolde en bekwame arbeidsmag om 'n inklusiewe pad van groei te ondersteun
Nasionale Uitkoms 6	'n Doeltreffende, mededingende en responsiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk
Nasionale Uitkoms 7	Lewendige, billike, volhoubare landelike gemeenskappe wat bydra tot voedselsekerheid vir almal
Nasionale Uitkoms 8	Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe
Nasionale Uitkoms 9	Responsiewe, verantwoordbare, doeltreffende en bekwame plaaslike regering
Nasionale Uitkoms 10	Beskerm en versterk ons omgewingsbates en natuurlike hulpbronne
Nasionale Uitkoms 11	Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld
Nasionale Uitkoms 12	'n Doeltreffende, bekwame en ontwikkelingsgerigte staatsdiens
Nasionale Uitkoms 13	Maatskaplike beskerming
Nasionale Uitkoms 14	'n Diverse maatskaplik samehorige samelewing met 'n gemeenskaplike nasionale identiteit

Die Departement se bydrae tot die bereiking van die 14 Nasionale Uitkomst is soos volg:

NASIONALE UITKOMS	BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT
1	'n Groot gedeelte van die Departement se begroting word bestee aan die lewering van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van die verbetering van geletterdheidsuitkomst. Die MGO-program fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Daar is tans 181 skoolgebaseerde MGO-sentrums in die Provinsie. Die deelname van leerders by MGO-sentrums help met positiewe leerderbywoning by skole, leerderdisipline en spanwerk, en dit behou leerders se belangstelling in skoolbywoning. Hierbenewens word leerders by MGO-sentrums geleer deur middel van 'n gestruktureerde leerplan en lesplanne wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Die Departement bied argiefbewustheidswerkwinkels by skole aan om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om historiese en genealogiese

NASIONALE UITKOMS	BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT
	opvoedkundige hulpbronne aan te vul.
2	Die Departement bevorder aktiewe rekreasie- en sportaktiwiteite vir die Provinsie. Rekreasie en sport bevorder 'n etos van lewenslange aktiwiteit. Die Departement se kultuurfasiiteite word deur NRO's gemeenskapsorganisasies en staatsdepartemente benut om kuns- en kultuuraktiwiteite om maatskaplike inklusiwiteit en welsyn te bevorder en om die jeug aan 'n gesonde alternatief bloot te stel vir die maatskaplike euwels wat ons samelewing teister.
3	Die Witskrif vir Sport en Rekreasie (2012) beklemtoon die belangrikheid van sport in pogings om misdaad te verminder. Die MGO-Program sluit 'n gestruktureerde leerplan en lesplanne in wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Skoolgaande leerders neem aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums deel. Dit skep 'n veilige ruimte en omgewing vir deelname aan pret-aktiwiteite, speel, rekreasie, sport, kuns, kultuur, sowel as akademiese aktiwiteite.
4	Die aanbod van groot geleenthede bevorder sporttoerisme. Die Departement werk saam met sportfederasies in die Provinsie wat toegang kry tot befondsing vir groot geleenthede. Die MGO-program verskaf werksgeleenthede vir baie mense uit gemeenskappe waar die program aangebied word. Die YearBeyond-program verskaf jaarliks meer as 'n honderd vrywilliger geleenthede aan ons jeugdige tesame met uitgebreide leierskapsopleiding en kanale tot indiensneming. 61 persent van die 2016-eenheid vrywilligers het op hede na indiensneming of studies gevorder en die res gaan voort met vrywillige werk. Die ondersteuning en befondsing van kultuurtoerisme deur middel van feeste regdeur die Provinsie dra tot werkskepping by.
5	UOWP-werksgeleenthede word in die kultuur- en maatskaplike sektore verskaf. Die Departement fasiliteer werksgeleenthede en verskeie kapasiteitsbougeleenthede deur middel van programme wat daarop gerig is om jeugdige te help om vaardighede te verwerf om hulle toetred tot die arbeidsmark te fasiliteer.
6	Die projek vir die konneksie vir landelike biblioteke word by landelike openbare biblioteke geïmplementeer en in stand gehou. Die projek word uitgebrei met die daarstel van toegang tot breëband en Wi-Fi.
7	Mini-biblioteke word in landelike gebiede met klein bevolkings gevestig ten einde toegang te verleen tot biblioteekfasiliteite. Klubs in landelike gebiede word deur middel van die Klubontwikkelingsprogram ondersteun. MGO-sentrums en Plaas- en/of Gemeenskapsrekreasiesentrums lewer sport- en rekreasiedienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrums word ook by 'n voedingsprogram ingesluit. Die Departement verseker die bewaring van kultuur en die bevordering van kuns in die landelike distrikte deur middel van sy kuns- en kultuurprogramme.
8	Die bestuur van erfenishulpbronne is 'n integrale deel van die beplanning en bestuur

NASIONALE UITKOMS	BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT
	van ontwikkeling en maatskaplike infrastruktuur. As sodanig beoog die Departement, in vennootskap met munisipaliteite, om seker te maak dat erfenis by stads- en streeksbeplanning en -ontwikkeling ingesluit word. Die voorsiening van sportfasiliteite word deur alle munisipaliteite en sportfederasies gefasiliteer ten einde sport in alle gemeenskappe in die Provinsie te ontwikkel en te bewerkstellig. Kultuurfasiliteite skep fisiese ruimtes vir gemeenskappe en organisasies om hul aktiwiteite in ooreenstemming met die mandaat van die Departement te lewer. Kultuur dien as 'n middel om kennis, morele en maatskaplike waardes oor te dra. Die bevordering en bewaring van kuns en kultuur beïnvloed die kulturele volhoubaarheid van die maatskaplike samestel van gemeenskappe wat tot volhoubare menslike nedersettings bydra.
9	Die Rekordbestuursprogram help regeeringsliggame, met inbegrip van munisipaliteite, om rekords te bestuur om verantwoordbaarheid en goeie regering te verbeter. Verbintenis tot die belyning van GOP deur middel van GOP-vergaderings.
10	Die Departement se geaffilieerde museums voorsien opvoedkundige programme wat die volhoubare benutting van omgewingshulpbronne bevorder. Daarbenewens skep Erfenis Wes-Kaap meganismes vir die integrasie van omgewings- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike en ontwikkelingsbeplanningsproses.
11	Ter ondersteuning van streeks- en kontinentale integrasie bevorder die DKES se Afrika-maandprogram Afrika-trots om maatskaplike insluiting te bevorder en om xenofobie uit te skakel.
12	Sport en rekreasie in die Provinsie word deur die Nasionale Sport- en Rekreasieplan aangedryf, en dienste word in vennootskap met sportfederasies in die burgerlike gemeenskap, sportrade en munisipaliteite aangebied. Die ontwikkeling van 'n diensleweringverbeteringsplan verseker dat die Departement op 'n program van versterking en verbetering van geïdentifiseerde dienste fokus.
13	Die Departement se programme versterk maatskaplik bewaringsbeleide deur middel van sy maatskaplik inklusiewe programme wat maatskaplike kwesbaarhede onder vroue, kinders, meisies, gestremdes en bejaardes deur kultuur- en sportprogramme versag.
14	Die Departement bevorder die grondwetlike waardes en nasionale simbole deur middel van uitstallings, openbare programme, gemeenskapsdialoë, opvoedkundige programme, die bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en ontspanning, sowel as naskoolse programme. Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale openbare entiteit wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne ingestel is, is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenisterreine wat ons

NASIONALE UITKOMS	BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT
	gedeelde waardes weerspieël. Die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name moedig maatskaplike insluiting aan deur middel van bewustheid en ondersteuning vir die proses van (her-) benaming. Die Departement se programme en aktiwiteite word deur streng prosesse van openbare deelname ondersteun. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se oogmerk is om kultuur te bevorder, te bewaar en te ontwikkel. Die programme wat deur WKKK ondersteun word, is daarop gemik om kultuurpraktyke te bevorder en te bewaar, en strewe om waardering van en agting vir die diverse kulture binne die Wes-Kaap te skep. Die Departement dra deur middel van vertalings- en tolkdienste by tot maatskaplike samehorigheid en maatskaplike insluiting deur kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te verbeter. Die Wes-Kaapse Taalkomitee moniteer en evalueer die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid. Deur middel van programme vir die ontwikkeling en bevordering van kuns en kultuur verskaf die Departement geleenthede vir jeugdige, vroue, meisies en mense met gestremdhede uit diverse gemeenskappe om met mekaar interaksie te hê, en om artistieke en lewensvaardighede te verwerf. Hierdie geleenthede vir die kwesbares en gemarginaliseerdes verskaf platforms vir maatskaplike insluiting en versterk sodoende maatskaplike insluiting/samehorigheid in gemeenskappe. Museums vier verskeie nasionale gedenkdae met uitreik- en openbare programme wat maatskaplike insluiting/samehorigheid bevorder. Uitstallings weerspieël toenemend voorheen verwaarloosde aspekte van die plaaslike en die kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat verder tot maatskaplike insluiting/samehorigheid bydra. Biblioteke dien as nawe in gemeenskappe wat maatskaplike insluiting ondersteun en bevorder. Rekreasie, die MGO-program en skoolsportaktiwiteite wat in verskillende munisipaliteite plaasvind, ondersteun positiewe maatskaplike, rekreasie- en sportinteraksie binne gemeenskappe. Gemeenskappe word aangemoedig om mondelinge geskiedenis by te dra vir maatskaplike insluiting en om deur middel van argiefmateriaal meer van hul erfenis te wete te kom om sodoende identiteite en maatskaplike insluiting te verstewig. Massadeelname in sport en rekreasie, en kuns en kultuur dra by tot die bou van 'n gemeenskaplike nasionale identiteit in 'n diverse, maatskaplik samehorige samelewing en word deur die Departement se inisiatiewe ondersteun.


Die volgende nasionale beleide en strategieë het ook betrekking op die Departement se beleidsmandaat:

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif op Kunste, Kultuur en Erfenis (1996)	Hierdie dokument gee 'n raamwerk vir 'n nasionale en provinsiale beleid oor kunste, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste.

Beleid	Beskrywing
Nasionale Rekordbestuurbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Die dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame met betrekking tot die bestuur van hulle rekords moet funksioneer en hoe die DKES oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords van Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordhulpbronbestuur. Die DKES moet aan voorgeskrewe nasionale en internasionale standaarde voldoen met betrekking tot hardeware, sagteware en stoommedia vir argiefbewaring.
Verklaring van die Nasionale Sport- en Rekreasie-Indaba (2011)	Dit vereis dat die DKES sy sleuteldoelwitte in lyn moet bring met die strategiese stukrag van die verklaring wat die visie vir sport en rekreasie tot 2020 uiteensit.
Nasionale Sport- en Rekreasieplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Rekreasieplan (NSRP) sit die visie vir sport en rekreasie in Suid-Afrika tot 2020 uiteen en beklemtoon 'n aktiewe en wennende nasie.
Nasionale Witskrif op Sport en Rekreasie (2012)	Hierdie beleid fokus op die volgende imperatiewe: ☐ om vlakke van deelname aan sport en rekreasie te verhoog; ☐ om sport se profiel teenoor botsende prioriteite te verhef; ☐ om die waarskynlikheid van sukses by groot geleenthede te maksimaliseer; en ☐ om sport vooraan te plaas in pogings om misdaad te verminder.
Beleidsraamwerk vir Regeringswye Moniterings- en Evalueringstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Moniterings- en Evaluasiesistelsel (RWM&E) is om tot verbeterde staatsbestuur by te dra en om die doeltreffendheid van openbaresektor-organisasies en -instellings te verbeter. Hierdie dokument voorsien die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder ook resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif op Prestasiebestuursmonitering en -evaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gerig om staatamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die maatstawwe vir uitkomst en uitsette wat in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) vervat is, te fokus. Dit is bedoel om goeie prestasie van departemente en individue op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die Voorbereiding van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n M&E-raamwerk in alle regeringsinstellings sodat instellings vordering met betrekking tot hulle gestelde doelwitte kan bepaal en remediërende stappe kan neem waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers moet hê. Die aanwysers moet gekoppel word aan spesifieke beleidsimperatiewe en die stelsel aanwysers moet ontleed word om te bepaal of oorsaak-en-gevolg-verwantskappe bestaan.
Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)	Die UOWP se Sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport) en Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake) verskaf vir die DKES 'n raamwerk om befondsing uit die openbare sektor te gebruik om werkloosheid te verminder en te verlig.

Strategieë	Beskrywing
Nasionale Strategieë	
Herkapasiteringsprogram vir Biblioteke vir die verbetering van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die doel van die Program is om stedelike en landelike gemeenskapsbiblioteekinfrastruktuur, fasiliteite en dienste te transformeer (voorheen benadeelde gemeenskappe word hoofsaaklik geteiken) deur middel van 'n herkapasiteringsprogram op provinsiale vlak ter ondersteuning van plaaslike regering en nasionale inisiatiewe Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie projek vir voorwaardelike toelae vir biblioteke in die Wes-Kaap.
Mzansi se Golden Economy-strategie	Die DKES, in samewerking met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en ander vennote en sleutelrolspelers, is verantwoordelik vir die implementering van die sleutelintervensies soos uiteengesit in die strategie in die Wes-Kaap. Die Strategie, wat op die kreatiewe en kulturele nywerhede fokus, beoog om te erken dat die sektor vir kuns, kultuur en erfenis innoverend en kreatief is en dat dit die regering se rol is om die instaatstellende omgewing te skep en om die sektor te ondersteun om optimaal te funksioneer.
Memorandum van Verstandhouding tussen die Departement van Basiese Onderwys en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (2018)	Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en Sport en Rekreasie SA (SRSA) het 'n "Geïntegreerde Raamwerk vir Skoolsport" onderteken waarin die partye hulle daartoe verbind dat hulle programme van samewerking in skoolsport op die grondslag van wedersydse voordele sal implementeer. Hulle het hulle ook daartoe verbind dat hulle kontak en samewerking tussen erkende skoolsportinstellings van die onderskeie Departement sal aanmoedig en fasiliteer.

Verder bestaan die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingdoelwit uit 17 nie-bindende globale doelwitte wat soos volg bely is met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinsiale Strategie Plan:



PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

Provinsiale Strategiese Plan

Die Provinsiale Strategiese Plan is 'n stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die Wes-Kaapse Regering, wat duidelike uitkomstes wat oor die mediumtermyn bereik moet word, uiteensit. Hierdie doelwitte weerspieël die prioriteite van die Wes-Kaapse Regering en word gebruik om geïntegreerde en verbeterde prestasie regdeur die openbare sektor in die Wes-Kaap aan te dryf.

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte vir 2015 tot 2019 is:



Die Departement se programme en inisiatiewe reageer soos volg op die Provinsiale Strategiese Doelwitte:

PSD	BYDRAE VAN DEPARTEMENT
PSD 1	Die Departement het vennootskappe met feeste en tersiêre instellings uitgebrei om meer werks- en opleidingsgeleenthede binne die kreatiewe bedrywe vir deelnemers aan die program te skep. Altesaam 370 UOWP-werkseleenthede is in 2017/18 in die kultuursektor deur Kultuursake geskep. Voorsiening van internettoegang, breëband en Wi-Fi by openbare biblioteke en munisipaliteite. Die verskaffing van befondsing vir 885 personeellede van openbare biblioteke by munisipaliteite. 813 werkseleenthede geskep in die sport- en rekreasiesektor.
PSD 2	Die Departement werk nou saam met hoër onderwysinstellings om navorsing en opleidingsgeleenthede in die sektor te versterk, asook om gegradueerdes aan werkseleenthede te koppel. Die Departement het vennootskappe met: - Die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys om navorsing en die bewysbasis vir naskoolse programme te versterk - UWK om geleenthede aan jeugdige van befondsingsorganisasies te bied om geakkrediteerde opleiding in musiekgeletterdheid te kry - SU om leierskap en ander opleidingsgeleenthede aan vrywilligers en praktisyns by nasorgsentrums te verskaf. - Die GSB Bertha-sentrum by UK om 'n kortkursus oor die voorste samewerkende vennootskappe vir leiers in die uitgebreide onderwyssektor aan te bied Samespreking met tersiêre instellings rakende werkseleenthede op die gebied van erfenis. Dit sluit die studiegebied van argitektuur, ingenieurswese, kosteberekening en argeologie in. Biblioteekmateriaal, insluitend e-hulpbronne, is aangekoop. Biblioteke bevorder lees en leer. Navorsing toon dat die gebruik van openbare biblioteke kan lei tot verbeterde

	uitkomste van opvoeding en/of bereikingsvlakke. Die Departement bied argiefbewustheidswerkwinkels by skole aan om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om historiese en genealogie-opvoedkundige hulpbronne aan te vul. Die Departement is die voorste departement vir die Naskoolse Spelwisselaars en bied naskoolse programme aan, naamlik MGO-sport-, kuns- en kultuurprogramme en skoolsportprogramme vir woonbuurte, en werk saam met museums en biblioteke om geleenthede vir leerders te skep. As deel van die Naskoolse Spelwisselaarprogram, koördineer die Departement die werk van die Departement van Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling, Gemeenskapsveiligheid, die Departement van die Premier en die Stad Kaapstad om uitgebreide toegang tot naskoolse programme te verseker vir leerders wat geen of min fooie betaal. Die Program werk ook saam met belanghebbers buite die regering deur sy NRO, Community of Practice. Die Departement bied ook jeugkampe, deelname aan sport- en rekreasiegeleenthede, vrywilligers, internskappe, skoolkompetisies (op nasionale, provinsiale, distriks- en plaaslike vlak) aan. Deur sy vennootskap met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys verskaf die Departement geleenthede vir die indiensneming van jong menses deur sy naskoolse program. Opvoedkundige programme wat by geaffilieerde museums aangebied word, is belyn met die amptelike leerplan wat vir leerders geleenthede bied om die leerervaring te versterk. Die Departement het ondersteuning deur sy kuns-befondsingstoelae verleen aan organisasies wat opleiding, die verbetering van vaardighede, en werksgeleenthede vir benadeelde jeugdige voorsien. Ontwikkelingsgeleenthede word deur kuns-en kultuurprogramme geskep vir kunsorganisasies met 'n fokus op die jeug.
PSD 3	Die Departement verskaf ondersteuning aan geaffilieerde museums deur die betaling van subsidies en toelae. Daarbenewens word amptenare oorgeplaas om by provinsiale en provinsiaal ondersteunde museums te werk. Die Departement fasiliteer die ontwikkeling van uitstallings, opvoedkundige en openbare programme wat fokus op die geskiedenis van die mense van die Wes-Kaap ten einde maatskaplike inklusiwiteit en aktiewe burgerskap te bevorder. Die Provinsiale Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese name dra by tot maatskaplike insluiting onder die burgers van die Wes-Kaap deur sy pogings om geografiese kenmerke te verifieer en te standaardiseer. Verlenging van biblioteekdienste deur die vestiging van nuwe biblioteke en die bemaking van biblioteekdienste Die Departement bewaar en voorsien toegang tot die argiefferenis aan gemeenskapslede, met inbegrip van die mondeling geskiedenis, om maatskaplike insluiting te versterk. Die digitalisering van argiefmateriaal sal vinniger en makliker toegang tot die argiefferenis verleen. Argiefbewustheids- en uitreikprogramme word in skole en gemeenskappe vir maatskaplike insluiting en verhoogde bewusmaking vir argiewe gelewer. Begunstigdes van jaarlikse befondsing kry die geleentheid om hul emosies, waardes, oortuigings deur kuns- en kultuuraktiwiteite uit te druk en visuele beelde te skep, asook om te besin oor hoe die werklikheid deur die kunste uitgebeeld word.

PSD	BYDRAE VAN DEPARTEMENT
	Die Afrika-dag-program fokus op die gebruik van kuns as 'n meganisme vir die bou van verhoudings met die res van die vasteland en beklemtoon die ooreenkomste tussen Afrika-nasies onderwyl diversiteit terselfdertyd gevier word. Die inisiasieprogram verseker dat heilige, kulturele tradisionele praktyke bewaar word en in veilige omgewings beoefen word met die fokus op die welstand van die inisieerder Die Departement dra by tot verhoogde welstand deur die volgende aan te bied: naskoolse programme, jeugkampe, deelname aan georganiseerde sport- en aktiewe rekreasie-geleenthede, vrywiligers, internskappe, skoolkompetisies (op nasionale, provinsiale, distriks- en plaaslike vlak) welstandsprogramme, asook die provinsiale gymnasium. Skoolsport dra by tot verhoogde welstand onder kinders en jeugdiges.
PSD 4	Erfenisbestuur is 'n integrale deel van die beplanning en bestuur van infrastruktuurontwikkeling. As sodanig, streef die Departement, in samewerking met munisipaliteite daarna, om toe te sien dat erfenis vanaf die staanspoor by streeks- en dorpsbeplanning en ontwikkeling geïntegreer word. Die Departement gaan voort met sy samesprekings met munisipaliteite om 'n omvattende openbare biblioteekdiens te lewer. Deur 'n kreatiewe uitlaatklep vir uitdrukking, kuns, kultuur en taal te bied, word individuele welstand gekoester en groter respek vir maatskaplike en kulturele diversiteit aangemoedig. Die verbetering en verhoogde gebruik van kultuurfasiliteite deur bande met plaaslike gemeenskappe te koester om toegang vir almal te bevorder. Sport- en rekreasiefasiliteite dra by tot die ontwikkeling van geïntegreerde menslike nedersettings en in hierdie verband voorsien die Departement befondsing aan munisipaliteite vir infrastruktuurontwikkeling en word MIG-aansoeke deur munisipaliteite goedgekeur.
PSD 5	Deelname aan die GOP- en ROR-prosesse van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Departement van Plaaslike Regering versterk interregeringsverhoudings. Erfenis Wes-Kaap werk nou saam met munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van graad 3-erfenishulpbronne en sal voortgaan om samesprekings met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning ten opsigte van die prosesse vir omgewingsimpakassessering te voer. Taaldienste dra by tot goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vertaal-, redigeer- en tolkdienste aan departemente van die provinsiale regering en sy openbare entiteite te lewer. Die Departement dra by tot goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur 'n doeltreffende rekordbestuursdiens aan staatsliggame in die Wes-Kaap te lewer. Die Departement se kuns- en kultuuraktiwiteite is gegrond op samewerking met munisipaliteite, en kuns- en kultuurorganisasies, en maak staat op die kundigheid en hulpbronne binne die provinsiale regering om geïntegreerde dienslewering aan gemeenskappe te verseker. Sportrade en -federasies word ondersteun deur memorandums van ooreenkoms, memorandums van verstandhouding, diensooreenkomste, drieledige ooreenkomste, een-tot-een-ooreenkomste, betrokkenheid by die GOP, kwartaallike vergaderings. Munisipaliteite ontvang befondsing van die Departement (voorwaardelike toelae, vervangingsbefondsing, toelae aan Metrobiblioteke) Hierdie befondsing help

PSD	BYDRAE VAN DEPARTEMENT
	munisipaliteite om personeeluitgawes, bedryfs- en/of kapitaalbesteding ten opsigte van biblioteke te befonds. Die Departement het handveste vir spesifieke persele en ontwikkel en hersien sy dienslewingsverbeteringsplanne jaarliks. Die Jaarverslag aan burgers word opgestel om toegang tot en die deursigtigheid van die Departement te versterk.

Hoewel die Departement indirek bydra tot al die strategiese doelwitte van die Provinsie, is dit direk verantwoordelik vir PSD 2 en PSD 3. Die Departement se PSD-projekte is:

PSD STRATEGIESE DOELWIT IN PSP	PSD-AANWYSER VIR DKES	SUB-AANWYSERS
PSD 2		
Verbeter uitkomst van opvoeding, refensie, jeugdisipline en geleenthede vir positiewe samewerking	Getal Wes-Kaapse leerders in skole sonder enige fooie en met gereelde toegang tot veilige naskoolse ruimtes van hoë gehalte	Insluitend bydraes van die MGO-program, naburige skoleprogram, en ander provinsiale departemente en munisipaliteite, en NRO-vennote.
PSD 3		
Skep van inklusiewe, veilige en gesonde gemeenskappe	Deelname aan kultuuraktiwiteite	<i>Dit bestaan uit die volgende sub-aanwysers:</i> a) Getal besoeke deur navorsers aan die argiewe b) Getal geregistreerde biblioteekgebruikers wat openbare biblioteke in die Wes-Kaap gebruik c) Getal mense wat geaffilieerde museums besoek d) Getal mense wat kultuurfasiliteite van die Departement gebruik e) (Begunstigdes van) die getal kuns- en kultuurorganisasies wat deur oordragbetalings ondersteun word, insluitend die WKKK
	Deelname aan sport en rekreasie	<i>Dit bestaan uit die volgende sub-aanwysers:</i> a) Getal deelnemers in sportfederasies b) Getal jeugdiges wat die jaarlikse jeugkampe bywoon

PSD STRATEGIESE DOELWIT IN PSP	PSD-AANWYSER VIR DKES	SUB-AANWYSERS
		c) Getal mense wat aktief deelneem aan georganiseerde geleenthede vir aktiewe rekreasie d) Getal geregistreerde deelnemers aan Beter Tesame-spele
Verseker veilige en gesonde kinders (10 – 14 jaar oud)	Deelname aan sport in primêre skool	<i>Dit bestaan uit die volgende sub-aanwysers:</i> a) Getal laerskoolleerders wat geregistreer is om aan skoolsportaktiwiteite deel te neem b) Getal opvoeders en vrywilligers wat opgelei is om met die implementering van die skoolsportprogram te help c) Deelnemers van naburige skole (primêre skole)
Bevorder betrokke en gesonde jeugdiges (15 – 25 jaar oud)	Deelname aan sport in hoërskool	<i>Dit bestaan uit die volgende sub-aanwysers:</i> a) Getal hoërskoolleerders en deelnemers aan junior sport geregistreer om aan skoolsportaktiwiteite deel te neem. b) Getal opvoeders en vrywilligers opgelei om hul te verleen met die implementering van die skoolsportprogram c) Deelnemers van naburige skole (hoërskole)

Verder is spelwisselaars kragtige, gefokusde intervensies wat die prioriteitsprojekte van die Provinsie vorm weens die potensiaal daarvan om katalisators te wees vir aansienlike verbeterings in mense se lewens. Die Departement dra by tot die provinsiale spelwisselaars en PSD-programme soos volg:

a) Naskoolse Spelwisselaar

Die Departement is die voorste departement vir die Naskoolse Program vir PSD2. Hierdie program beoog om die gaping te verklein tussen die leerders met en sonder hulpbronne deur sport, kuns, en kultuur, akademiese verryking en lewensvaardigheidsprogramme te voorsien. Die doel is om elke skool met min of geen skoolfooie te ondersteun om 'n omvattende program te lewer wat elke leerder in staat stel om hulle passie na te streef en 'n lewenslange liefde vir leer te kweek

Die spelwisselaarprogram fokus op die ontwikkeling van verantwoordelike en bemagtigde jong volwassenes wat beter voorberei is vir die lewe deur toegang tot verlengde onderwys en naskoolse programme te verleen. Dit sluit in 'n fokus op die verbeterde koördinasie, die beywering van vennootskappe en die bou van kapasiteit in die sektor.


Die spelwisselaarprogram vereis 'n hele-samelewing-benadering en 'n ingesteldheid van die regering om geleenthede te skep om die geleentheidskaping te verklein. Binne die regering werk die program met die DKES, MGO en naburige skoolsentrums, jeugkafees en gedeeltelike naskoolsentrums van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die godsdienstige program van die Departement van Gemeenskapsveiligheid, die Departement van die Premier se jeugontwikkelingstaakspan, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se portuuroopvoedingsprogram

en skoolsportprogramme en die Biblioteekdiensprogram van die Stad Kaapstad en Sport en Rekreasie. Behalwe die regering, werk die NSP met skenkers, NRO's, geloofgebaseerde organisasies en ander diensverskaffers om die uitbreiding van die program te verseker.

Die betrokke leerders, sal aangemoedig word om die aktiwiteite minstens twee keer per week by te woon om vaardigheid te ontwikkel in die vaardigheidstel waaraan hulle blootgestel is.

Die Departement befonds 181MGO-sentrums, 134 Naburige Skoolsentrums en meer as 60 naskoolse programme vir akademiese ondersteuning (YearBeyond, Graad 4 Enhancement and Maths e-leerprogramme). Alle akademiese programme werk met jong matrikulante en gegradueerdes as mentors wat terselfdertyd die akademiese prestasie van leerders verbeter en weë skep om ons jeug in diens te neem.

Voetspoor van naskoolse program



Die sleutelprestasie-aanwysers wat gebruik sal word om die vordering en prestasies van die Naskoolse Program te bepaal, is soos volg:

- Getal leerders by skole waar geen gelde betaal word of die skoolfonds baie laag is, wat gereeld aan die Naskoolse Programme deelneem met 'n teiken van 112 000 leerders teen 2019. Hierdie teiken is die kollektiewe verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Stad Kaapstad, NRO's en die Departement van Kultuursake en Sport. DKES is verantwoordelik vir die aktiewe betrokkenheid van 49 000 van hierdie leerders.
- Getal persele waar nakoolse aktiwiteite plaasvind. Die 2019-teiken is 600 skoolpersele.
- Koördinasie regoor silo's en belanghebbers deur kwartaallike vergaderings van die transversale bestuurskomitee.

- Getal opleidingsgeleenthede voorsien om kapasiteit vir die sektor te bou met 'n teiken van 200 opleidingsgeleenthede vir 2019/20.

Om dienslewering te ondersteun, het die NSP die sektor uiteengesit en verskillende gemeenskappe van praktyk gevestig om lesse te deel en lewering te verbeter. Daarbenewens fokus die NSP op die skep van 'n instaatstellende omgewing deur veiligheids- en verwante kwessies aan te pak, leierskap te bou, en die hele samelewing deur 'n netwerk van vennootskappe te mobiliseer.

Die aantal skoolpersele het oor die afgelope drie jaar verdubbel, met 568 skole, waar geen gelde betaal word of die skoolfooie baie laag is, wat programmering aanbied. Die koste van programmering is gehalveer met 'n gemiddelde eenheid wat minder as R2 000 per leerder per jaar kos. Voortgesette monitering en evaluering is nodig om te verseker dat hierdie winste in doeltreffendheid en doelmatigheid behoue bly.

Die NSP het vennootskappe aangegaan met verskillende organisasies om verkenners, skaatsplankry, tou spring, lees ensovoorts by skole te laat herleef en uitdagings ten opsigte van die tydtafel aan te pak.

Daarbenewens het die NSP in samewerking met CHEC die bewysbasis van die sektor gebou. Hierdie navorsing sal meer innovasies en verbeterings in programme regoor alle belanghebbers dryf.

Spelwisselaar om die skade van alkohol te verminder

Die Departement dra ook by tot die spelwisselaar om die skade van alkohol te verminder (AHR) wat gerig is op gebiede wat negatief deur alkoholmisbruik geraak word. As deel van die spelwisselaar, is die Departement verantwoordelik om te sorg dat die jeug betrokke is by en gebruik maak van ontspanningsaktiwiteite as 'n alternatief tot alkoholmisbruik. Ontspanningsprogramme verwys onder meer na straatsokker, netbal, en bordspeletjies.

Die Departement implementeer en ontwikkel alternatiewe ontspanningsaktiwiteite in aangewese/geteikende gebiede in die Wes-Kaap.

As deel van sy hele-samelewing-benadering sal die Departement in 2019/20 voortgaan om Vrydgaande die vier-'n-kant sokkertoernooie aan te bied, en 'n gesinsvermaaklikheidsaand sal op Saterdagagaande bekendgestel word wat onder meer bordspeletjies, potspel, pyltjies, tafeltennis en rekenaarspeletjies, asook lewende musiek en plaaslike kunstenaars insluit. Projekte sal ook in die Khayelitsha- en Drakenstein-gebiede plaasvind.

b) Eerste 1 000-Dae- projek

Die Eerste 1000-Dae-projek verwys na die tydperk vanaf 'n kind se bevrugting tot sy of haar tweede verjaardag, en poog om in hierdie fase van die lewe optimale geleenthede te skep vir 'n blinker, gesonder en voorspoedige toekoms. Die visie van hierdie projek is om te sorg dat elke swanger vrou en kind gekoester word, en dat veral die kwesbaarste ouers vanaf bevrugting en daarna ondersteun word deur middel van 'n hele-samelewing-benadering sodat kinders in hierdie projek hul volle potensiaal kan bereik. Die Departement sal in die vorm van sport, ontspanning, en kulturele aktiwiteite vir ouers en kinders hiertoe bydra.

Hele-samelewing-benadering (WOSA)

Die WOSA-projek is 'n transversal, gemeenskapsgebaseerde beplanningsprojek wat daarop gerig is om die sosio-ekonomiese uitdagings "binne" die gemeenskap eerder as die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap te verstaan en aan te pak, met erkenning dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings het. Die projek fokus op die hele samelewing om dienste aan mense in bepaalde gebiede te lewer. Hierdie projek sal aanvanklik op vier gebiede fokus, naamlik Saldanha, Drakenstein, Manenberg en Khayelitsha. Die Departement is ten volle betrokke by hierdie inisiatief.

EenKaap 2040

Die EenKaap 2040, soos die NOP, is 'n visie en strategie vir die samelewing, wat ten doel het om:

- nuwe denke en kritiese samesprekings oor die toekoms te bevorder;
- die gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen die private en openbare en die burgerlike samelewing daar te stel;
- die regering se handeling en beleggingsbesluite te help belyn;
- die veranderinge te weeg te bring wat nodig is om by (snel) veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas; en
- aandag te skenk aan die vereistes vir ons ontwikkeling, volhoubaarheid, insluiting en mededingenheid.

Op grond van hierdie oogmerke is die ekonomiese oorgangsagenda:

Oorgang	Van	Na
Kennisoorgang (Opvoedende Kaap)	Onderwys wat ongelyk en veranderlik in gehalte is, plus beperkte kapasiteit vir innovasie	Onderwys van hoë gehalte vir almal, plus hoë kapasiteit vir innovasie
Ekonomiese toeganklikheid-oorgang (Werkende Kaap)	Faktor- en bekwaamheid-gedrewe ekonomie met hoë hindernisse tot toegang en lae koerse van produktiwiteit entrepreneurskap	Innovasie-gedrewe ekonomie met lae hindernisse tot toegang en met hoë koerse van produktiwiteit en entrepreneurskap
Ekologiese oorgang (Groen Kaap)	Onvolhoubare, koolstof-intensiewe hulpbronbenutting	Volhoubare, lae-koolstof hulpbronbenutting
Kulturele oorgang (Konnekterende Kaap)	Hindernisse tot plaaslike en globale konnektiwiteit (taal, identiteit, afstand, parogiale en introspektiewe houdings)	Hoë vlak van plaaslike konnektiwiteit en globale markvaardighede
Oorgang van nedersettings (Leef Kaap)	Ongesonde, lae-toegang, dikwels vervreemde, lae-geleentheid buurte	Gesonde, toeganklike leefbare, multi-geleentheid-gemeenskappe
Institusionele oorgang (Rigtinggewende Kaap)	Verdedigende, opponerende strukture	Oop, samewerkende stelsels

Die Departement poog om al hierdie oorgange in die uitvoering van sy werk te ondersteun. Die Departement se werk dra egter regstreeks by tot die Connecting Cape-kulturele oorgang, asook die Working Cape-oorgang via die Naskoolse Program, met inbegrip van die MGO-program. Die Departement lewer ook 'n indirekte bydrae tot die Living Cape-oorgang, via biblioteekdienste en die sport-en rekreasieprogram.

Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie

Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste aan alle jongmense te bied sodat hulle beter by hul omgewing kan inskakel en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel van die strategie is dat die jeug in die Wes-Kaap geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue is wat op 25-jarige ouderdom produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het.

Die strategie is op die vyf pilare hier onder gegrond:

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
Die familie as fondament	Om 'n kritiese massa van ouers met doeltreffende ouerskap-vaardighede en ondersteuningsnetwerke te hê om positiewe jeugontwikkeling te ondersteun	• Familie- en ouerondersteuning • Gesondheid en psigososiale dienste • Gesondheidsgeletterdheid • Gemeenskapsrolmodel-ambassadeursprogram

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
Onderwys en opleiding	Om toe te sien dat die jeug geletterd, gesyferd en voorbereid is vir die lewe en vir werk	- Gehalte-onderwys - Leerderretensie - Gestruktureerde naskoolse aktiwiteite - Vaardighedsontwikkeling en -bemiddeling
Ekonomiese geleenthede	Om geleenthede vir die jeug te bied sodat hulle vooruitsigte in die werk- en arbeidsmark uitgebrei word	- Beter verbindings tussen die jeug en werkgeleenthede en skakel na werkervaring - Gesubsidieerde werkprogram - Bemiddelingsdienste vir indiensneming - Finansiële geletterdheid
Identiteit en om te behoort	Om te sorg dat die jeug kan identifiseer met positiewe invloede wat 'n gevoel van behoort en agentskap bevorder	- Eweknie-ondersteuning en -netwerke - Geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as 'n instrument vir ontwikkeling - Jeugruimtes en -netwerke - Positiewe beelde van die jeug - Ontwikkeling van leierskap
Geleenthede vir hervinding	Om die hervinding van die jeug te fasiliteer deur doeltreffende dienste en ondersteuning te bied vir hervinding, veerkragtigheid en positiewe ontwikkeling	- Aktiewe programme om te skakel met jeug wat bande verbreek het - Positiewe voetstap-program - Vaardighede- en werkbemiddeling

Die Departement dra by tot elk van die vyf pilare van die strategie, veral Onderwys en Opleiding deur middel van gestruktureerde naskoolse aktiwiteite, en Identiteit en Behoort deur middel van geleenthede in sport, musiek, kuns en kultuur as ontwikkelingsinstrumente.

Respons strategie vir Wes-Kaapse Klimaatsverandering 2014

Die respons strategie vir die Wes-Kaapse Klimaatsverandering 2014 is 'n gekoördineerde klimaatsverandering respons vir die Wes-Kaap Provinsie om die gesamentlike implementering van innoverende projekte en die verkenning van geleenthede wat 'n lae koolstofontwikkelingstrajek met toenemende veerkragtigheid kombineer, om ekostelsels en die dienste wat dit lewer, te verbeter, asook om ekonomiese groei en werkskepping te lei. Die Strategie fokus op 'n benadering van pragmatiese, plaaslik implementeerbare programme om geïntegreerde reaksies op klimaatsverandering aan te pak.

Alhoewel die Departement nie direk verantwoordelik is vir handeling wat in die Strategie uiteengesit word nie, sal die Departement verskeie aanpassingsinisiatiewe inisieer/of voortgaan om water te bespaar. Dit sluit in waterbesparing in al die Departement se personeelkantore, en by die verskillende fasiliteite, insluitend museums, argiewe, sport- en kultuurfasiliteite. Die Departement sal ook verdere potensiële waterbesparingsmaatreëls ondersoek, soos alternatiewe nie-water-afhanklike sportoppervlaktes. 'n Water-beraad is met die Wes-Kaapse Sportfederasies gehou om die toekomstige gebruik van sportfasiliteite in die Wes-Kaap te bepaal. Die Departement ondersteun verskeie munisipaliteite in die kostes verbonde aan boorwerk, pompwerk en watertanks/reservoirs sodat sport steeds beoefen kan word.

Die volgende provinsiale beleide en strategieë is ook belangrik vir die Departement se beleidsmandaat:

Provinsiale beleide	
Wes-Kaapse Taalbeleid (PK 369, 27 November 2001)	Die DKES en alle ander provinsiale departemente is verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, te implementeer. Hierbenewens het die Departement opdrag gekry om deur middel van 'n sentrale taaleenheid taalondersteuningsdienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie dokument gee leiding vir die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.

Provinsiale beleide

Befondsingsriglyne vir Sport en Rekreasie (2012)	Hierdie dokument gee riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies en is in 2019 bygewerk.
Beleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2015)	Hierdie beleid gee die kriteria wat oorweeg moet word en die prosesse wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Geografiese Name gevolg moet word wanneer konsultasies met belanghebbers en gemeenskappe oor die standaardisering van, herbenoeming van of verandering aan bestaande geografiese name gefasiliteer word. Hierdie liggame doen aanbevelings by die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiale Monitoring- en Evalueringsstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale respons op die Regeringwye Monitorings- en Evalueringsstelsel. Die oogmerk is om staatsbestuur en verslagdoening oor provinsiale bestuur te verbeter deur ondersteuning te bied vir toenemende beter getuigenisgebaseerde besluitneming, beleidsverbetering en doeltreffende hulpbrontoewysing.
Wes-Kaapse Museumbeleid (2013)	Hierdie beleid vestig 'n raamwerk vir die bestuur van museums anders as nasionale museums in die Wes-Kaap. Dit skep ook 'n instaatstellende omgewing vir gemeenskappe om museums en erfenisentrums in die Wes-Kaap tot stand te bring en in stand te hou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir die voorgestelde nuwe provinsiale wetgewing oor museums wat die verouderde Museumordonnansie [Kaapprovinsie], 1975, sal vervang.
Rekordbestuursbeleid vir Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Hierdie beleid is provinsiespesifiek en sal die DKES in staat stel om die jongste rekordbestuursriglyne te implementeer om tegnologiese ontwikkelings in rekordbestuur te inkorporeer.
Digitaliseringsbeleid vir Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Hierdie beleid verskaf riglyne en standaarde aan regeringsliggame om eenvormigheid in die bestuur van digitale rekords te verseker. Dit sal die DKES help om nakoming te monitor.
Norme en standaarde vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap	Norme en standaarde is noodsaaklik om die lewering en gereelde ontwikkeling van openbare biblioteekdienste te verseker ten einde effek te gee aan die opstel van die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligtingdiens en Handves vir Biblioteek- en Inligtingdiens van 2014. Hierdie dokument handel oor die funksies van biblioteke, personeel, fasiliteite, internettoegang, biblioteekversamelings en biblioteekure in die Wes-Kaap.

Provinsiale strategieë

Skooldportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument gee leiding aan belanghebbers om aan die verskillende skoolportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen.
Genre- Ontwikkelingsstrategie (2008)	Hierdie dokument gee 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorme in die Wes-Kaap. Dit is in 2013 hersien en daar is aanbeveel dat die genre-ontwikkelingsstruktuurmodel op drie pilare, naamlik infrastruktuur, sigbaarheid en permanensie gegrond word.
Wes-Kaapse Inisiasie-raamwerk en-protokol (2014)	Hierdie raamwerk gee leiding oor die kulturele praktyk van inisiasie aan plaaslike kultuurorganisasies, munisipaliteite en ander owerhede.
Wes-Kaapse Raamwerk vir Mondelinge Geskiedenis (2015)	Hierdie raamwerk gee vir DKES-personeel en geaffilieerde instellings wat op die gebied van mondelinge geskiedenis werk die minimum riglyne en etiese standaarde wat nagekom moet word wanneer mondelinge onderhoude oor geskiedenis gevoer word.
Jaarlikse optog en kompetisieraamwerk (2012/13)	Gee riglyne oor die items en persentasie wat toegewys sal word vir die jaarlikse optog en kompetisies van die klopse, Kerskore en Maleierkore.
Provinsiale Strategie vir Geleenthede (2011)	Die Departement sal ook sportgeleenthede in die Provinsie bevorder in ooreenstemming met die Provinsiale Strategie vir Geleenthede ten einde sporttoerisme te bevorder en om die ekonomiese voordele daarvan vir die Provinsie te fasiliteer. Die geleentheidstrategie word tans deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme hersien en DKES sal tot kulturele toerisme bydra.

KONTEKS VAN SEKTORBELEID

Die huidige Witskrif is in 1996 gepromulgeer met die hoofokus op die rasionalisering en herbelyning van die kuns-, kultuur- en erfenissektor met post-apartheidsgeopolitiek. Met die veranderinge wat oor die tyd plaasgevind het, het dit nodig geword om die Witskrif te hersien. Die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur het sektorspesifieke openbare konsultasie gedoen met die doel om die konsepdokument te finaliseer. Die Hersiene Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis is deur die Kabinet goedgekeur. Dit beoog om die regering se strategiese herposisionering van die rol van die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur in die lewering van kuns, kultuur en erfenis aan die volk saam te vat.

Die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdienste is deur die Kabinetgroepe goedgekeur en moet ingedien word vir goedkeuring deur die Kabinet. Die Wetsontwerp beoog om maatreëls te voorsien om onder meer ongelykheid ten opsigte van die lewering van biblioteek- en inligtingsdienste en hulpbronne, aan te pak.

Die Nasionale Beleid/Ooreenkoms oor Sport is in 2018 hersien met 'n nuwe ooreenkoms wat tussen die Departement van Basiese Onderwys en die Departement van Sport en Rekreasie Suid-Afrika onderteken is. Die Wes-Kaapse Sportplan sal in 2019/20 met die NSRP belyn word. Die hersiening van die Nasionale Sport-en Ontspanningsplan (gelei deur SRSA) sal in 2019 begin.

KONTEKS VAN PLAASLIKE REGERING

Om interregeringsbeplanning en -implementering te bevorder en om volhoubare en geïntegreerde dienslewering te verseker, bestaan die Gesamentlike Beplanningsinisiatiewe (GBI) uit 'n stel prioriteite waarvoor die Wes-Kaapse Regering deur middel van die Provinsiale Strategiese Plan en departementele inisiatiewe van die sektor ooreengekom het, sowel as die Provinsie se munisipaliteite se Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP). Die Departement neem deel aan die indaba-werkgroep oor die GOP (IWG), 'n interdepartementele gesamentlike beplanningsforum wat deur die Departement van Plaaslike Regering gekoördineer word.

Besonderhede in verband met die GBI's waarvoor die DKES die belangrikste departement is, word in die tabel hier onder aangegee:

Munisipaliteit	Strategiese Intervensie	Projekuitsette	Ondersteunende Departemente	Skakeling met PSD
George Munisipaliteit	1. Skep van 'n instaatstellende implementeringsplatform Modelontwerp: Gebruik van IKT in biblioteke 2. Nasorgsentrums: 2.1 MGO-program	1.Toegang tot IKT via biblioteke 1. Verbetering van opvoedkundige uitkomst 2. Vermindering van maatskaplike ewels 3. Verhoging van deelname aan sport 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme Departement van die Premier (Sentrum vir e-innovering) Betrokke munisipaliteite	PSD 1 Die projekte onder die GBI is voltooi PSD 2 Deurlopend
Laingsburg Munisipaliteit	Nasorgsentrums	1. Programme van MGO-sentrums 2. Ondersteuning vir tuiswerk	Departement van Onderwys Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Departement van Gesondheid Departement van	PSD 2 Deurlopend

Munisipaliteit	Strategiese Intervensie	Projekuitsette	Ondersteunende Departemente	Skakeling met PSD
			Gemeenskapsveiligheid Betrokke munisipaliteite	
Bitou Munisipaliteit	Bevordering en verhoging van deelnamekoerse aan Naskoolse MGO-program	1. Verbetering van opvoedkundige uitkomst 2. Vermindering van maatskaplike euwels 3. Verhoging van deelname aan sport en rekreasie 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal.	Departement van Onderwys Departement van Gesondheid Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Departement van die Premier	Deurlopend
Mosselbaai Munisipaliteit	Nasorgsentrums: Teiken die MGO-program	1. Verhoogde gebruik van die MGO-program	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Departement van Gesondheid Departement van Gemeenskapsveiligheid Departement van Onderwys	Deurlopend
Stellenbosch Munisipaliteit	Vestig Stellenbosch Munisipaliteit as 'n sentrum vir innovasie ten opsigte van jeugontwikkeling: Nasorgsentrums: MGO-program	1. Verbetering van opvoedkundige uitkomst 2. Vermindering van maatskaplike euwels 3. Verhoging van deelname aan sport en rekreasie 4. Verbetering van maatskaplike kapitaal.	Wes-Kaapse Onderwysdepartement Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Departement van Gemeenskapsveiligheid, Departement van Gesondheid en die munisipaliteit	Deurlopend

Met betrekking tot die bostaande:

- 'n Sportakademiestelsel sal in die 2019/20-boekjaar gehandhaaf word.
- Biblioteke in die George-munisipaliteit is deel van die projek vir die konneksie van landelike biblioteke, breëband en Wi-Fi-projekte. George Openbare Biblioteek sal deel wees van die projek vir Mzansi-aanlynbiblioteke. Al hierdie projekte verseker groter toeganklikheid tot gratis internet vir die publiek in die biblioteke.
- Die DKES is verantwoordelik vir twee MGO-sentrums in die Laingsburg-munisipaliteit.
- In die Bitou-munisipaliteit is die DKES verantwoordelik vir 'n MGO-sentrum, wat sal voortgaan om na die geprojekteerde uitsette te werk.
- In die Mosselbaai-munisipaliteit is die DKES verantwoordelik vir MGO-sentrums, waarvan daar vier is, en elk van hierdie sentrums sal voortgaan om te werk aan die bereiking van die maksimum bywoning en deelname.

Verder is die Departement ook in samesprekings met verskeie munisipaliteite aangaande die ondersteuning wat die Departement vir museumdienste, biblioteekdienste, argiefdienste en sportdienste voorsien.

RUIMTELIKE KONTEKS

Met betrekking tot die Provinsiale Ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk en die Studie oor die Groeipotensiaal van Dorpe, is elemente van die Departement se werk in elke dorp in die Wes-Kaap teenwoordig, byvoorbeeld in die vorm van biblioteke, museums, sportkantore en besluite rakende erfenis. Die Departement baseer sy beleggings in ruimte op behoeftes en die drakapasiteit van gemeenskappe.

Die ruimtelike verdeling van sommige van die Departement se dienste word in afdeling 5.1 hier onder uiteengesit. Verder doen die Departement die volgende:

- werk aan die ontwikkeling van die nuwe Kaapstad Museum (op 25 September 2014 verklaar) en werk saam met die Departement van Vervoer en Openbare Werke om 'n geskikte perseel vir die museum te kry.
- het 376 biblioteeksentrums wat regdeur die Provinsie versprei is, sowel as sportakademies in die Weskus (Saldanha), Kaapse Wynland (Paarl), Overberg (Bredasdorp), en Eden (Oudtshoorn).
- verleen gratis openbare internettoegang vir gemeenskappe deur middel van die projek vir konneksie vir landelike biblioteke; die projek is deel van die Breëbandinisiatief en landelike gemeenskappe met 'n lae inkomste word deur breëbandkonneksie bevoordeel.
- Integreer erfenis- en kultuurhulpbronne (insluitend museums, biblioteke, sport, ontwikkeling van die paleontologiese erfenis toerismoere) en raamwerkplanne vir ruimtelike ontwikkeling
- Bewerkstellig samewerking met feeste, geleenthede en organisasies in 'n aantal munisipaliteite
- vestig 'n sportfokusskool in elke geopolitiese distrik.
- vestig 'n sportakademie in elke geopolitiese distrik.
- werk nou saam met munisipale owerhede, openbare entiteite, en gemeenskappe om persele vir inisiasie regoor die Provinsie te identifiseer en af te baken
- besit sewe kultuurfasiliteite regoor die Provinsie wat organisasies en gemeenskappe van fasiliteite voorsien om aangewese projekte of aktiwiteite te implementeer wat in lyn is met departementele mandate.

VERBETERING VAN DIENSLEWERING

Die Departement het 'n diensleweringverbeteringsplan (DLVP) wat beoog om doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker.

Die Departement sal in 2019/20 op die volgende ten opsigte van die diensleweringverbetering fokus:

Dienste geïdentifiseer vir verbetering	Departementele projekte/planne
Toegang tot kultuurfasiliteite	Die fasiliteite bied veelvuldige geleenthede. 'n Behoeftes het by kultuurfasiliteite ontstaan om die administratiewe prosesse, wat verband hou met die bespreking en benutting deur lede van die publiek, by alle sektore van die gemeenskap deur middel van die integrering van mense, plek, proses en tegnologie te verbeter. Om dit te bereik, is 'n elektroniese besprekingstelsel geloods om toegang tot die sentrums te fasiliteer. Ten einde inkomste te verhoog, sal die moontlikheid om die fasiliteite aan gebruikers van die privaatsektor gedurende afdyd te verhuur in 2019/20 oorweeg word.
Museumopvoedingsprogramme	Die Museumdiens bied verskeie opvoedingsprogramme aan die publiek deur vennootskappe met museums aan te gaan. Die Museumdiens sal verskeie opvoedingsprogramme aan 29 geaffilieerde museums lewer. Om te verseker dat die diensstandaard handhaaf word, sal tagtig persent van die museum se opvoedingsprogramme deur terugvoer vorms van opvoeders geëvalueer word. Hierbenewens sal twee opvoedkundige materiale ontwikkel word en aan geaffilieerde museums beskikbaar gestel word.

Hierbenewens sal die biblioteekdiens voortgaan om biblioteekdienspunte te verbeter en uit te brei, met insluiting van die verskaffing van breëbandinternettoegang aan die publiek.

4.4 Toepaslike hofbeslissings

Hofsaak	Verwysing	Impak op die DKES
<i>Die Voorsittersvereniging v Minister van Kuns en Kultuur [2007] SCA 44 (RSA)</i>	Hooggeregshofsaak no. 25/2006	Hierdie uitspraak sit uiteen wat neerkom op voldoende konsultasie met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbers ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name wat deur die LUR ingestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die toepaslike wetgewing, veral ten opsigte van die fasilitering van konsultasie met belanghebbers en gemeenskappe. Hulle moet hierdie uitspraak in ag neem in die prosesse en prosedures wat hulle gebruik om voorgestelde veranderinge aan geografiese name te bestuur.
<i>Qualidental Laboratories v Erfenis Wes-Kaap [2007] SCA 170 (RSA)</i>	Hooggeregshofsaak no. 647/06	Hierdie uitspraak het die magte bevestig wat na die LUR en ErfenisWes-Kaap oorgedra is om voorwaardes op te lê vir 'n ontwikkeling ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister van Kultuursake en Rekreasie</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshofsaak no. 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak op die appèlproses van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het korrektiewe stappe geneem om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe getuies tot die rekord van 'n tribunaalproses, sowel as beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid volgens die audi alteram partem maxim.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister van Kultuursake en Sport</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshofsaak no. 13521/08	Die aansoeker het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die LUR te verplig om 'n besluit te neem of om as alternatief die Rekord van Besluite ten opsigte van 'n appèl wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003 ingedien is, uit te reik. Die impak van die uitspraak op die DKES is dat dit moet seker maak dat tribunale Rekords van Besluite-neming betyds uitreik. Korrektiewe stappe is geïmplementeer.
<i>Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalersvereniging en Ander v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk en Ander 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshofsaak no. 1926/2008	Die hof het gekyk of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne deur SAEHA as Graad 1-terreine gegradeer is. Die hof het bevind dat die SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKES is dat die Departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen om die wetgewing te interpreteer, en dit moet verseker dat EWK binne sy regsmandaat handel.
<i>The Louis Trichardt Voorsittersvereniging v die Minister van Kuns en Kultuur en die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name</i>	Gauteng Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika 2014	Die Hof het die naamsverandering van Louis Trichardt na Makhado tersyde gestel nadat die partye buite die hof geskik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name verseker dat die nodige konsultasieprosesse ten opsigte van voorgestelde veranderinge, standaardisering of hersiening van geografiese name gekommunikeer en gedokumenteer word.
<i>Peter Gees v die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, no. 6205/2015	Ingevolge artikel 34(1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) kan voorwaardes opgelê word in 'n permit vir die sloop van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar.

Hofsaak	Verwysing	Impak op die DKES
<i>Kaap, die Stad Kaapstad, & Inwonersvereniging</i>		
<i>Piketberg Plaaslike Erfeniskomitee en Ander v Liebco Vleishandelaars Edms. Bpk. en ander (Erferis Wes-Kaap 2de Respondent)</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika. 1103 2016	Aansoek om 'n besluit van EWK se Built Environment and Landscape Committee (BELCom) te hersien. Toestemming is deur BELCom verleen om 'n gebou op Erf 207 Piketberg te sloop. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien aangesien die bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid nie nagekom is nie. Die Hof het die EWK se huidige beleid dat slegs geregistreerde bewaringsliggame geraadpleeg moet word oorweeg en aangevoer dat aangesien die besluit wat geneem is die potensiaal gehad het om lede van die algemene publiek te raak, breër konsultasie van die algemene publiek nodig was.

4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

Beplande beleidsinisiatiewe vir 2019/20 is:

- Wetsontwerp op Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuur
- Wysigingswetsontwerp op Museumsordonnansie

5. Situasië-ontleding

POLITIEKE OMGEWING

Die Departement gaan voort om vennootskappe met die betrokke munisipale strukture en hulle prinsipale te handhaaf.

EKONOMIESE OMGEWING

Die land se lae groeikoers en die wisselvallige wisselkoers van die Suid-Afrikaanse geldeenheid, sowel as die impak van die droogte kan aanleiding gee tot 'n laer getal toeriste wat die Provinsie besoek en 'n laer getal besoekers aan geaffilieerde museums en feeste.

Die Departement fokus al hoe meer op kultuur- en kreatiewe bedrywe as 'n potensiele bydraer tot ekonomiese groei en werkskepping. Dit word gedemonstreer in die werksgeleenthede wat gedurende die vorige boekjaar geskep is. Hierbenewens beoog die Departement om die institusionele kapasiteit van kunsorganisasie en –praktisyns te ondersteun en te versterk.

In reaksie op die beperkte finansiële hulpbronne sal die Departement op strategiese herbelyning fokus vir sterker samewerking met 'n paar toepaslike maatskaplike instansies en inisiatiewe en instansies en inisiatiewe in die openbare sektor om hulpbronne aan te wend vir 'n groter impak.

Die ekonomiese omgewing skep ook onsekerheid oor die ontvangs van 'n voorwaardelike toelae vir argief- en rekorddienste, wat die uiters nodige toerusting, personeel en infrastruktuur kan befonds. Beperkte finansiële hulpbronne hou ook 'n risiko in vir die voortgesette implementering van Ondernemingsinhoudsbestuur.

Die beperkende ekonomiese klimaat kan 'n impak hê op landsburgers se bereidwilligheid/vermoë om geld aan sport-en rekreasiegeleenthede te bestee, en dit kan 'n impak hê op die Departement se vermoë om klerasie en toerusting te koop. Die onsekerheid van die voorwaardelike toelae vir sport kan dit vir die Departement moeilik maak om al sy dienste te lewer.

MAATSKAPLIKE OMGEWING

Daar word verwag dat die verwagte bevolkingsgroei in die Provinsie addisionele druk op die Departement se dienste sal plaas.

Die bevordering van maatskaplike insluiting binne gemeenskappe is steeds 'n belangrike taak van die Departement. Soos wat stedelike gemeenskappe groei, speel kulturele en erfenisinstansies 'n belangrike rol in die bewusmaking en ontwikkeling van samehorigheid deur middel van inklusiewe narratiewe wat lewenservaring uitbeeld.

Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis het ingesluit 'n sterk belangstelling onder die jeug in kwessies rakende die interpretasie van geskiedenis en die belangrikheid daarvan. Dit dui op baie potensiaal vir geaffilieerde museums en hulle maatskaplike belangrikheid binne gemeenskappe te laat geld deur middel van dialoog oor hierdie kwessies, die verskaffing van toepaslike programme, asook deur 'n inklusiewe benadering tot dienslewering. Die Departement sal sy pogings ten opsigte van argiefbewustheid verhoog om die begrip van die waarde van erfenishulpbronne te verbeter, met inbegrip van die rol van argiewe. Daar was entoesiasme vir die inisiatief vir mondelinge geskiedenis en dus sal hierdie program in 2018/19 voortgaan.

Statistieke Suid-Afrika se verslag oor die Maatskaplike Profiel van die Jeug 2009-2014 het aangedui dat die jeug 'n hoë risiko in die gesig staar om kwesbaar vir misdaad te wees. Die Departement het dus sy fokus op jeugontwikkelingsprogramme in kuns, kultuur, taal, sowel as in die sfeer van sport, rekreasie en naskoolse aktiwiteite versnel.

Die burgerlike gemeenskap het sportverwante strukture in alle geopolitieke distrikte in die Provinsie.

Die Departement verskaf aan al ons mense 'n geleentheid om ingesluit te word by konstruktiewe maatskaplike aktiwiteite wat gemik is op die skep van 'n omgewing vir respek en verdraagsaamheid in ons samelewing.

TEGNOLOGIESE OMGEWING

Die groei van tegnologie bied nuwe platforms vir betrokkenheid by landsburgers en maak voorsiening vir die skep van inhoud met meer vlakke. Dit maak dit moontlik om voort te gaan met die opdatering van interpretasies van artefakte en gebeure in die geskiedenis. Dit is ook 'n goedkoper manier om geskiedenis te deel en stel die Departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Die digitale omgewing is wêreldwyd die vinnigste groeiende bedryf. Dit kan gesien word in die vinnige groei van stroommusiek en die literêre kunste.

Die projek vir die digitalisering van argiefmateriaal se webtoegang en die bewaring van geïdentifiseerde argiefmateriaal poog om in die groeiende vraag te voorsien.

Die projek vir die konneksie van landelike biblioteke, Mzansi-aanlynbiblioteke en die instelling van breëband en WiFi verskaf steeds aan die publiek toegang tot IKT

Tendense in inligtingbestuur soos digitalisering en elektroniese rekordbestuur verander gedurig. Derhalwe moet die Departement poog om hiermee tred hou. 'n Sterk IKT-netwerk sal deurlopende toegang tot gedigitaliseerde beelde en elektroniese inhoud bied.

Gemeenskappe, veral die jeug neem toenemend deel aan aanlyn aktiwiteite, en gebruik internetgebaseerde inligting en vermaaklikheidsbronne. Dit is belangrik dat museums toesien dat die uitstallings en openbare programme deur middel van aanlyn netwerke toeganklik is ten einde relevant vir die jeug te bly.

OMGEWINGSFAKTORE

Die droogte en gebrek aan waterhulpbronne sal 'n invloed op die werksaamhede van die Departement het. Sporttoerisme sal geraak word waar sportfederasies as gevolg van omgewingsfaktore nie geleenthede sal kan aanbied nie. Die voortdurende droogte sal sportfasiliteite raak, soos wat die instandhouding daarvan meer van 'n uitdaging word. Daarbenewens is waterbesparingsmaatreëls by die kultuurmuseum, en sportfasiliteite regdeur die Departement ingestel.

Die Departement sal ondersoek instel na alternatiewe nie-water-afhanklike sportoppervlakte tesame met ander alternatiewe bronne.

Die deurlopende droogte en gereelde veldbrande regoor die Provinsie in gebiede soos Mosselbaai en die geskiedkundige dorpie van Wupperthal het tot die aansienlike skade en vernietiging van erfenishulpbronne gelei. Die Departement, deur sy entiteit Erfenis Wes-Kaap, gaan voort om met plaaslike munisipaliteite en belanghebbers te werk om korttermyn en langtermyn versagtingsmaatreëls te bestuur.

Die risiko van natuurrampe of uiterste weerstoestande kan meebring dat argiefversamelings beskadig word en dus is gereedheid ten opsigte van rampe en gereelde instandhouding van die argiefgebou uiters noodsaaklik.

REGS- EN REGULATORIESE OMGEWING

Die groter moderniteit van bestuurstandaarde en veral boekhoudingstandaarde, en die lae bedrewenheid in AARP-standaarde onder boekhouders en personeel in veral landelike gebiede bemoeilik die taak van geaffilieerde museums en kuns- en kultuurorganisasies om ongekwalifiseerde auditverslae te kry.

VEILIGHEID- EN SEKURITEITSOMGEWING

Die Departement sal maniere oorweeg om die veiligheid en sekuriteit van alle mense, instansies en fasiliteite onder sy jurisdiksie te verbeter, veral die veilige bewaring van erfenishulpbronne. Die Departement het addisionele befondsing verskaf om veiligheid by museums en kultuurfasiliteite te verbeter.

5.1 Prestasie-omgewing

Die vraag na die Departement se dienste word hier onder beskryf in terme van die dienste wat deur die Departement gelewer word:

Uitgebreide Openbare Werke-program

Die Departement se innoverende programme om in die UOWP se kultuursektor werksgeleenthede vir die jeug te skep, is uitgebrei om nie net geleenthede in die kuns-, kultuur-, taal-, museum- en erfenisdienste in te sluit nie, maar ook in die biblioteek- en argiefdienste. Die teiken vir die skep van UOWP-werksgeleenthede het vir 2019/20 vermeerder.

Kuns-, kultuur- en taaldienste

Die ekonomiese, maatskaplike en omgewingskonteks, wat gekenmerk word deur 'n hoë voorkoms van werkloosheid, lae ekonomiese groei en klimaatsverandering, het die Departement

aangemoedig om innoverende maniere te oorweeg ten einde sy mandaat uit te voer. Die kulturele en maatskaplike omgewing vereis die herbesinning en hersiening van die huidige dienstelewering ten einde gemeenskappe beter te dien.

Die sosio-ekonomiese vereistes het gelei tot die voortgesette versterking van nuwer samewerking met munisipaliteite, gemeenskappe en belanghebbers sodat programme en inisiatiewe meer gefokus en belyn is met die behoeftes van die ontvangers van ons dienste. Daar is ook 'n daadwerklike poging aangewend om interne programme vir maksimum impak in die huidige beperkende fiskale omgewing te benut. Hierdie nuwe benadering vind regdeur die direktoraat plaas.

Die bekroonde drama ontwikkelingsprogram sal versterk word deur die verhoudings wat met die geïdentifiseerde munisipaliteite aangegaan is. Verhoogde deelname word in hierdie verband verwag, soos wat munisipaliteite hulle daartoe verbind het om repetisieruimtes beskikbaar te stel, asook om logistieke ondersteuning vir die aktiwiteite van die program te lewer. Verhoudings met kommersiële uitsaaibedrywe sal voortgaan om geleenthede aan akteurs te bied om aan die professionele televisie omgewing blootgestel te word. Ten einde geleenthede van leer in en deur die kunste aan die jeug te bied, sal hierdie geleenthede met belangrike feeste vir plasings binne verskeie werksomgewings gefasiliteer word in die aanloop van hierdie belangrike feeste in die Provinsie. Die jeug sal aan aspekte van gasvryheid, kaartjieverkope, optredes en verhoogbestuur, asook die tegniese aspekte rakende klankingenieurswese en stel ontwerp blootgestel word. Die groei en sukses van hierdie programme oor die afgelope agt jaar het gelei tot 'n bronstoekenning van die Premier se Diensleweringstoekenning 2018/19 in die kategorie van Beste Geïmplementeerde Program.

Die liedjieskryfkompetisie van die musiekprogram sal in 2018/19 in landelike distrikte in samewerking met plaaslike munisipaliteite uitgebrei word. Die briljante musikante en liedjieskrywers wat deur hierdie projek is, is op hul liedjieskryfvaardighede en deelname aan 'n werksessie met gevestigde musiekvervaardigers en liedjieskrywers beslis, waar hulle meer oor die musiekbedryf geleer het. Die suksesvolle liedjieskrywers sal in die 2019/20-boekjaar aan 'n 6-maande lange mentorskapprogram deelneem. Die koorfeeste sal steeds in landelike distrikte met 'n bepaalde fokus op die jeug bekendgestel word.

Die kunsvlytprogram, wat die Craft Musee-projek in samewerking met geïdentifiseerde provinsiale geaffilieerde museums suksesvol geïmplementeer het, sal verbeter word. Die museums sal voortgaan om strategiese ruimte te voorsien om die kunsvlytprogram te bemark.

Met die onlangse aanstelling van 'n nuwe dansbeampte, sal die Dansprogram versterk word deur sy verhouding met gevestigde dansorganisasies en munisipaliteite.

Die inisiasieprogram is versterk en die Departement beoog om 'n veilige en instaatstellende omgewing vir hierdie kulturele praktyk te skep. Die aard van die program vereis interaksies met belanghebbers, met inbegrip van die Departement van Gesondheid, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Departement van Plaaslike Regering, die Departement van Onderwys, die SAPD, Cape Nature, verskeie munisipaliteite en Mountain to Ocean (MTO). Die Departement sal meer hersieningsessies met tradisionele snydokters en versorgers hou ten einde prestasie te verbeter. Die Wetsontwerp op die Tradisionele en Khoisan-leierskap, wat in November 2017 bekendgestel is, sal 'n impak op die Inisiasieprogram hê, aangesien ons bedag is daarop dat die tradisionele leiers die bewaarders van inisiasie is. Dit mag ook 'n impak hê op die Khoi- en San tradisionele leiers, hangende die uitkoms van 'n Kommissie oor Khoisan-aangeleenthede, wat ingevolge wetgewing ingestel is. Die Wetsontwerp is goedgekeur deur beide Huise van die Parlement en is aan die President vir goedkeuring voorgelê. Hierbenewens word daar voorsien dat die Wetsontwerp op Tradisionele Inisiasie, wat onlangs 'n openbare deelnameproses by die Portefeulje Komitee oor Samewerkende Regering en Tradisionale Sake ondergaan het, 'n positiewe

impak op die tradisionele inisiasie omgewing op nasionale vlak sal hê. Die doel van die voorgestelde wetgewing is soos volg:

1. om doeltreffende regulering van tradisionele inisiasiepraktyke te voorsien;
2. om voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n Nasionale Oorsigkomitee vir Inisiasie en Provinsiale Koördinerende Komitees vir Inisiasie en hulle funksies;
3. om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van rolspelers wat by die inisiasiepraktyk as sodanig betrokke is of in die bestuursaspek daarvan;
4. om voorsiening te maak vir die doeltreffende regulasie van inisiasieskole;
5. om voorsiening te maak vir die regulerende magte van die Minister en die Premiers; en
6. om voorsiening te maak vir die monitering van die implementering van die wetgewing, asook provinsiale eienaardighede.


Die Departement kan nie aan die finansiële eise van organisasies voldoen en derhalwe word samewerking tussen organisasies bevorder en aangemoedig. Hierdie vraag word weerspieël in die getal aansoeke van organisasies in die 2018/19-boekjaar, naamlik 157 aansoeke wat ontvang is met 'n totale geldelike waarde van R70 352 648. Gegrand op beskikbare fondse, is die getal organisasies wat vanjaar befonds sal word, 55.

Die Departement streef daarna om die gelyke gebruik van die drie amptelike van die Wes-Kaap te verseker deur middel van die vertaal- en redigeerdienste en die bevordering van veeltaligheid, met inbegrip van Suid-Afrikaanse Gebaretaal, wat ook die status verhef en die vordering verbeter van die gebruik van hierdie inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap, wie se status en gebruik geskiedkundig verminder is. Dit sal ook voortgaan om strategiese oorsig van die Wes-Kaapse Prvinsiale Taalkomitee te verskaf en om 'n verhouding van samewerking met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) in stand te hou.

Museum-, geografiese name-, en erfenisdienste

Die rol van museums, erfenis en geografiese name het oor die afgelope jare toenemende aandag ontvang. Die Wes-Kaap het die grootste konsentrasie van museums op die Afrika-vasteland. Dit sluit in verklaarde kulturele instellings, museums wat aan die Departement geaffilieer is, museums wat deur munisipaliteite bestuur word, insitusionele museums wat deur nasionale staatsdepartemente en agentskappe bestuur word, en die res word deur die privaat sektor en privaat persone bestuur. Die ligging van geaffilieerde museums regdeur die Provinsie word op die kaart hier onder aangedui:

Geografiese verspreiding van geaffilieerde museums in die Wes-Kaap



Die Museumdiens sal voortgaan om 19 provinsiaal geaffilieerde museums en hulptoelae aan vyf plaaslike museums tydens 2019/20 te befonds om te verseker dat geaffilieerde museums oor die nodige bedryfsonde beskik.

Daarbenewens sal die Museumdiens-simposium gehou word, aangesien dit opleiding verskaf aan geaffilieerde museumbestuurders en as 'n platform sal dien waar museumbestuurders en die voorsitters van geaffilieerde regeringsliggame belangrike aangeleenthede met die Hoof van die Departement van Kultuursake en Sport kan bespreek.

Die Minister het op 4 April 2018 'n nuwe Raad van Trusteas vir die Kango-grotte ingevolge Museumordonnansie No. 8 van 1975 ingehuldig. Dit is om te sien dat die doeltreffende toesig van die Kango-grotte verbeter word. Die nuwe Raad van Trusteas sal voorts samewerkende bestuur tussen die Provinsie en die Oudtshoorn-munisipaliteit verseker, aangesien verteenwoordigers van beide regeringsfere in die Raad van Trusteas dien. Die Departement, in samewerking met die Departement van Plaaslike Regering, sal onderneem om 'n besigheidsmodelproses te ontwikkel om die toepaslike manier vir die bedryf van die Kango-grotte te bepaal.

In deurlopende pogings om dienslewering aan die publiek te lewer, het die Museumdiens 'n nuwe oriëntasie- en mentorskapprogram in die 2018/19-boekjaar geïnisieer. Die program verskaf die nodige oriëntasie vir nuwe museumbestuurders.

Die Departement poog om die toepaslikeheid van museums in gemeenskappe deur eienaarskap te bou wat deur middel van programme, deelname, en konsultatiewe praktyke aangemoedig word. Waar moontlik sal die Departement dit oorweeg om addisionele museums te affilieer en om professionele ondersteuning aan nie-geaffilieerde museums te lewer.

Die Museumdiens sal ook met geaffilieerde museums werk om maniere te vind om die waarde te verhoog wat hulle aan gemeenskappe bied deur middel van programontwikkeling en

toeganklikheid, opleiding, uitstallings, en die ontwikkeling, bestuur en toeganklikheid van versamelings. Voorts:

- Die volgende fase van die transformasie van die Worcester-museum sal uitgebrei word om boederypraktyk en ondervinding, asook om plaasaktiwiteite te verbeter. Dit sal 'n geleentheid bied om die invloed van inheemse praktyke op die landbousektor te beklemtoon.
- Plaaslike uitstallings by die CP Nel Museum, George Museum en die Bartolomeu Dias Museum sal hersien word sodat hulle die inklusiewe narratiewe vasvang, wat daardeur tot 'n gevoel van behoort in die breër gemeenskap bydra.
- Addisionele uitstallings (hoofsaaklik aanlyn) sal gekep word vir die Kaapstad Museum wat minder bekende geskiedenis sal weerspieël en as grondslag sal dien om die breër gemeenskap van die stad in openbare programme te betrek.
- Daar sal voortgegaan word met die herbegrawing van menslike oorblyfsels, wat by geaffilieerde museums gehou word, en wat in 2017/18 begin is.
- Nog twee reisuittallings sal geskep word om die uitreikprogramme van museums en ander erfenisspases te ondersteun.
- Nuwe erfenisprojekte, soos die Denis Goldberg-nalatenskapsprojek sal voortgaan om tegniese/professionele ondersteuning te ontvang.
- Die bevordering van die land se nasionale simbole en nasionale ordes sal voortgaan as deel van nasiebou en die bevordering van aktiewe burgerskap.

Nuwe opvoedingsprogramme teiken 'n reeks van gehoorbetrokkenheid by museums, wat dialoog en genesing stimuleer en kennis en vaardighede oordra.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name, 'n raadgewende liggaam wat ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name ingestel is, sal 340 name van geografiese kenmerke in die Wes-Kaap verifieer. Hierdie name word deeglik nagevors alvorens dit aan die komitee vir aanbeveling voorgelê word. Die komitee mag dan die aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name stuur.

Biblioteekdiens


Die Biblioteekdiens van die Departement gaan voort om 'n belangrike deel van die dienste te vorm, wat aan die mense in die Wes-Kaap gelewer word. Die hele gemeenskap het die reg op gratis toegang tot biblioteek- en inligtingdienste. Die Departement ondersteun en hou 376 biblioteekdienspunte regoor die Provinsie in stand waarvan daar ongeveer 847 873 geregistreerde biblioteeklede is. Die Departement ontvang tans die grootste deel van die voorwaardelike toelae van die Departement van Kuns en Kultuur ten bedrae van R176 624 000 in 2018/19 om die befondsing van openbare biblioteke te ondersteun.

VOORWAARDELIKE TOELAES ONTVANG VIR DIE UITBREIDING VAN OPENBARE BIBLIOTEKE	
Jaar	Bedrag ontvang
2018/2019	R176 624 000
2017/2018	R 171 264 000
2016/2017	R 164 162 000
2015/2016	R 158 469 000

VOORWAARDELIKE TOELAEES ONTVANG VIR DIE UITBREIDING VAN OPENBARE BIBLIOTEKE	
Jaar	Bedrag ontvang
2014/2015	R 126 347 000
2013/2014	R 68 542 000
2012/2013	R 56 129 000
2011/2012	R 48 694 000

Die ligging van biblioteke in die Provinsie word op die kaart hier onder aangedui:

Geografiese verspreiding van biblioteke in die Wes-Kaap



Die getal biblioteke per bevolking in die Provinsie word in die tabel hier onder aangedui:

Streek	Getal biblioteeksentrums	Bevolking*	Verhouding
Wes-Kaap	376	6 279 733	1: 16 657

* Bron: StatsSA se Opname in Gemeenskappe 2016

Die volgende maatreëls vir gehalteverbetering by biblioteke word deur die Departement beplan:

- Verkry en verskaf biblioteekmateriaal om 'n kultuur van lees en lewenslange leer te bevorder;
- Vestg die projek vir die konneksie van landelike biblioteke by addisionele landelike bibliotekepersele;
- Befonds die meeste B3-munisipaliteite;
- Verskaf gedeeltelike befondsing aan die Stad Kaapstad deur middel van die Metro-biblioteektoelae;
- Ontwikkel personeel van openbare biblioteke se professionele en tegniese vaardighede deur middel van verskeie opleidingsprogramme;

- Die lewering van vyf addisionele mini-biblioteke vir die blindes, gesiggestremdes en eindgebruikers wat nie gedrukte boeke kan lees nie;
- Gaan voort met bevorderings- en bewusmakingsprogramme om biblioteekgebruik uit te brei;
- Verskaf befondsing vir nuwe biblioteke en die opgradering van biblioteke;
- Dra befondsing oor aan munisipaliteite vir biblioteekpersoneel en sekere bedryfskoste;
- Gaan voort om begunstigdes van die UOWP in diens te neem.

Argief- en rekorddienste

Die Departement gaan voort om argiefmateriaal te bewaar en toegang aan plaaslike en internasionale navorsers te verleen. Die Departement poog om beskikbare tegnologie te gebruik om toegang tot argiefmateriaal te verleen. Vandaar het die Departement begin met die digitalisering van argiefrekords vir bewaring en om aanlyn-toegang te verkry. Voorts het die Departement op die tegnologie gekapitaliseer om toegang tot huidige rekords te bestuur en te verleen. Elektroniese rekordbestuur is ingestel deur die implementering van MyContent by geïdentifiseerde staatsdepartemente. MyContent poog om vinniger toegang tot elektroniese inhoud te lewer en om prosesse te bespoedig wat dienslewering, verantwoordbaarheid en goeie bestuur versterk. Vandaar gaan die Departement voort om rekordbestuurspersoneel en ander geïnteresseerde persone met rekordbestuurskennis- en vaardighede op te lei en toe te rus.

Die Departement het 'n formele evaluering van die Elektroniese Inhoudsbestuur (EIB) in die 2018/19-boekjaar uitgevoer. Die doel was om te bepaal of die EIB-oplossing volgens die ECM Transversal Blueprint van 2009 en die Business Case doeltreffend geïmplementeer is ten einde die herontwerp van 'n implementeringsraamwerk vir die volgende fases van EIB-implementering te ontwikkel.

Hier onder volg 'n paar kernbevindings van die evaluering:

- Die WKR se transversale OIB-oplossing is oor die algemeen toepaslik in terme van sy ontwerp
- Daar bestaan 'n behoefte om tradisionele argiewe en die EIB te oorbrug deur middel van 'n moderne vaardigheidstel en ondervinding toepaslik vir die taak
- Die OIB-oplossing wat in die Blueprint, Business Case en ondersteunende dokumentasie gemotiveer en beplan is, word oor die algemeen as toepaslik en geskik beskou, onderwyl daar kennis van geneem moet word dat daar aansienlike tekortkominge ten opsigte van die proses en opvolg is.

Hier onder volg 'n paar aanbevelings:

- 'n transversale visie vir die WKR se Ondernemingsinligtingsbestuur moet interdepartementeel ontwikkel word
- MyContent moet op die WKR se transversale EIB-oplossing behou word
- Die kapasiteit en finansiële toewysing vir die DKES se OIB-span moet beter bestuur word.
- 'n Oorkoepelende OIB-beleidsraamwerk moet ontwikkel word wat koherente parameters voorsien vir bestaande beleide onder OIB, naamlik rekordbestuur, digitalisering en ander.

Die evaluering bevestig dat die EIB die toepaslike weg is in die modernisering van die regering. Die formele evaluering, wat deur die Departement, in samewerking met die Departement van die Premier geloods is, stel die standaard vir die WKR ten opsigte van die evaluering van ander IKT-inisiatiewe met betrekking tot die besigheidswaarde wat tegnologie vir die regering bied.

Die Departement reik uit na alle gemeenskappe vir maatskaplike insluiting. Om bewusmaking te voorsien, word uitreikprogramme rakende argiefdienste steeds by alle gemeenskappe in die Wes-

Kaap gelewer. Skole en gemeenskappe word besoek om hulle van inligting oor die belangrikheid van argiewe te voorsien. Die Nasionale Argiefweek is 'n belangrike uitreikprogram, wat 'n weeklange program behels met verskillende aktiwiteite wat op argiefbewustheid fokus. 'n Hoogtepunt van die week is die genealogiese werksessie waarin deelnemers toegerus word met navorsingsvaardighede om familiegeskiedenis na te vors. '.

In die gees van maatskaplike insluiting bewaar die argiewe en voorsien dit toegang tot die geskiedenis van die mense van die Wes-Kaap. Mondelinge geskiedenis word opgeneem en toegang word by gemeenskapsbiblioteke, museums en die argiewe verkry. Die doel is om die skriftelike geskiedenis, wat reeds beskikbaar in die departementele instellings is, aan te vul.

BESOEKE AAN ARGIEWE							
Boekjaar	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19
Getal besoeke (geraam)	7 947	9 577	12 021*	10 731	9 278	8 931	8 600**

*. Die buitengewone toename is die gevolg van 'n grondeisprojek wat in 2014/15 plaasgevind het.

** Teiken volgens JPP 2018/19.

Rekordbestuursdienste word aan 56 Wes-Kaapse staatsliggame gelewer vir goeie staatsbestuur. Die Departement sal voortgaan om gefokusde ondersteuning te bied vir Ondernemingsinhoudsbestuur, 'n dwarsliggende rekordbestuursprojek,

Terwyl die kernfunksies verrig word, beplan die Argiefdiens om die volgende dienste en funksies in die 2019/20-boekjaar te verbeter en te lewer :

- Versterking van rekordbestuurspraktyke in regeringsliggame deur met hul saam te werk om sistematiese wegdoeningsprogramme en die noodsaaklike gepaste rekordklassifikasiesistels te implementeer. Ten einde te verseker dat hulle toegerus is om hulle statutêre funksie uit te voer, sal opvoedkundige opleidingsprogramme vir rekordbestuurders en registerpersoneel aangebied word. Spesiale aandag sal gegee word aan regeringsliggame met uitsonderlike behoeftes. Bystand met en goedkeuring van Elektroniese Rekordbestuurstelsels (ERB) in regeringsliggame. Daar sal leiding gegee word oor die implementering van paslike ERB-stelsels en vereistes vir die digitalisering van openbare rekords om te verseker dat voorgeskrewe gehaltestandaarde vir die oordrag van elektroniese inhoud na argiefbewaring nagekom word. Opleiding vir Elektroniese Rekordbestuur word ook beplan
- Die digitalisering van argiefrekords, en die verhoging van toeganklikheid tot digitale bronne om dit op die nuwe webportaal beskikbaar te stel om sodoende in die behoeftes van gebruikers wêreldwyd te voorsien.
- Voortsetting van die aanbod van dienste ter plaatse in die leeskamer om die argiefrekords toeganklik te maak.
- Die implementering van 'n nuwe benadering om argiefrekords te beskryf wat beter aangepas is by die gebruikers se behoeftes en die digitale omgewing. Hierdie benadering sal dit vir mense makliker maak om die totale argiefversamelings te verken.
- Die bevordering van die gebruik van die argiewe in bewusmakingsprogramme om maatskaplike samehorigheid te vestig wat die publiek sal help om kreatief te wees, die gemeenskap te verstaan, voort te gaan om nasionale identiteit te bou en om demokrasie te ondersteun. Die jaarlikse Nasionale Argiefweek sal die hoogtepunt van die bewusmakingsprojekte wees.

- Voed die publiek, veral die jeug, op deur ons argieferfenis, nasionale simbole, grondwet en Handves van Regte te bevorder. Moedig die publiek aan om hul persoonlike rekords aan die Argiewe te skenk, aangesien die rekords waardevolle aanvullende konteks vir die amptelike regeringsrekords verskaf.
- Die implementering en monitering van die nakoming van beleide, praktyke en riglyne ten einde dienste aan kliënte te verbeter en om internasionale beste praktyke vir argief- en rekordbestuur te implementeer.
- Die ontwikkeling van personeel se professionele en tegniese vaardighede, veral in die digitale omgewing.
- Nieu samewerking met die Argiefadvieskomitee en ander toepaslike belanghebbers.
- Ondersteuning van die 110% Groen-strategie met programme vir herwinning en energiebesparing, sowel as inisiatiewe om die gebruik van papier deur middel van e-liassering en digitalisering te verminder.
- Voortsetting van die WKR se dwarsliggende projek vir die implementering van OIB Ondersteuning sal aan departemente voorsien word waar die OIB in werking is.

Sportdienste

Die Departement lewer sy sportverwante dienste in samewerking met die burgerlike gemeenskap en sportfederasies. Die Departement beoog om 'n holistiese benadering te neem wat die psigologiese, fisiologiese en spirituele ontwikkeling en welsyn van die mense en hulle gemeenskappe kombineer.

In 2019/20 sal die Departement sewe akademieë in die Provinsie se ses distrikte ondersteun, asook ondersteuning verleen aan die Wes-Kaapse Sportakademie, 'n koördinerende liggaam in Kaapstad wat die Provinsie dien.

Sportfederasies, in vennootskap met die Departement, sal help om seker te maak dat befondsing, wat vir sport ontvang word, optimaal gebruik word tot voordeel van sport in die Provinsie. 'n Nieu samewerking met munisipaliteite, federasies en die burgerlike samelewing sal ook die lewering van sport- en rekreasiedienste in die Provinsie versterk.


Gedurende die 2018/19-boekjaar het die Departement saam met 120 sportfederasies in die Wes-Kaap gewerk, sowel as saam met die ses distriksportrade, naamlik Metro, Weskus, Overberg, Kaapse Wynland, Sentraal-Karoo en Eden.

Ondersteuning word ook aan alle erkende en kwalifiserende federasies verleen deur middel van die proses van oordragbefondsing wat almal, met insluiting van die Wes-Kaapse Sportkonfederasie, bevoordeel.

Groot geleenthede voeg waarde toe tot die skep van 'n breër voetspoor, asook sporttoerisme en ondersteun die omvang van die Departement. Groot geleenthede word omskryf as geleenthede waar spanne van internasionale, nasionale of provinsiale of distrikstrukture meeding, of 'n internasionale sessie of konferensie wat deur 'n erkende sportfederasie gehou word.

Die Klubontwikkelingsprogram sal in 2018/19 180 klubs (insluitend landelik en plaasklubs) bedien deur middel van vervoer, kapasitering, ondersteuning aan ligas en die verskaffing van toerusting en klerasie. Die Klubontwikkelingsprogram sluit die program vir ontwikkeling in landelike gebiede waar die Departement sportaktiwiteite aan verskeie gemeenskappe in die Provinsie aanbied.

Klubs wat deur die Departement in die Provinsie ondersteun word:



Die daling van 2014/15 tot 2015/16 het plaasgevind omdat die befondsing vir die Nasionale Voorwaardelike Toelae gedaal het omdat befondsing nodig was vir loodsprojekte vir die Klubontwikkelingsprogram in KZN en Limpopo. 'n Persentasie van die toelae vir die program vir klubontwikkeling is aan hierdie provinsies geskenk. Die daling na 180 klubs for 2017/18 is as gevolg van die voortgesette loodsprojekte in KZN en Limpopo en die nuwe klem op die ontwikkeling van landelike klubs en plaasklubs. Dit is ook van toepassing op die daling in die teiken vir 2018/19.

Die Departement is verantwoordelik vir die WKR Gimnasium wat beoog om 'n gesonde leefstyl en welsyn onder werknemers in die Wes-Kaapse Regering te bevorder. Aan die einde van Januarie 2019 was daar 261 werknemers as lede van die WKR se gimnasium geregistreer. Die gimnasium word gebruik as 'n maatstaf om die Wes-Kaapse Welsynsprogram te ondersteun.

Rekreasiedienste

Rekreasie is 'n platform vanwaar sport kan ontwikkel en groei, aangesien rekreasie 'n filosofie en etiek van gesonde lewe, lewenslange aktiwiteit en lewenslange leer bevorder. Rekreasie verskaf aktiwiteite vir alle ouderdomme en kan mense bewus maak van die potensiaal en vaardighede wat hulle het. Voorbeelde van hierdie aktiwiteite sluit in

- Pret-en speelaktiwiteite;
- Gomodifiseerde aktiwiteite;
- Aktiwiteite vir inheemse spele;
- Aktiwiteite en feeste by rekreasiesentrums;
- Jeugkampe
- Aktiwiteite vir senior burgers/Goue Spele;
- Groot stapoptogte; en
- Veldtogte van Sport en Rekreasie

Verder gee rekreasie vir individue groter insig in die soort geleenthede wat in die lewe bestaan en waarby hulle kan aansluit. Deur rekreasiegeleenthede in die Provinsie te fasiliteer, beoog die Departement om skakeling tussen die volgende te fasiliteer:

- Individue met hulself (individue leer hulself ken);
- Die gemeenskap met die jeug en die jeug met die gemeenskap;
- Gesinne (jeugdige met volwassenes en omgekeerd);
- Mense vir werk (werksgeleenthede vir afrigters);
- Gemeenskappe (gemeenskappe speel saam); en
- Individue van siekte na welsyn.

Skoolsportdienste

Skoolsport skep geleenthede op die volgende vlak vir die skoolgaande jeug, in rekreasie en sport, sowel as in die kunste en kultuur. Dit word op verskeie maniere bevorder, onder andere:

- Ondersteuning aan belangstellende skole wat naby die betrokke MGO-sentrums geleë is. Hierdie benadering word die Skoolsportprogram vir Woonbuurte genoem;
- Woonbuurtontwikkeling, die Skoolsportprogram vir Woonbuurte koppel die MGO-sentrums in die woonbuurte met die toepaslike rekreasie, sport, kunste en kultuuraktiwiteite en –strukture wat in 'n bepaalde woonbuurt teenwoordig is, en indien sodanige aktiwiteite nie teenwoordig is nie, dryf Skoolsport 'n proses wat aanleiding gee tot die betrokke aktiwiteit en/of struktuur, byvoorbeeld 'n sportklub en/of 'n dansklub.
- Ondersteuning aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD), wat die verantwoordelikheid het om te verseker dat interskoolligas (sien tabel) geïmplementeer word; deur middel van die bevordering van interskooldeelname waar geen formele deelname bestaan nie;
- Kode- en genre-spesifieke ontwikkeling, waaronder die ontwikkeling van afrigters;
- Die skep en bevordering van geleenthede vir talentidentifisering wat lei tot geleenthede vir deelname op die volgende vlak;
- Fokus op die ontwikkeling van distriksgebaseerde groepe van geïdentifiseerde, talentvolle skoolgaande jeugdige;
- Ondersteuning aan verteenwoordigende provisie-gebaseerde geselekteerde spanne om aan provinsiale toernooie deel te neem;
- Bystand met die vestiging, bevordering en ondersteuning van distriksgebaseerde strukture;
- Ondersteuning aan verteenwoordigende provinsie-gebaseerde geselekteerde spanne om aan nasionale toernooie deel te neem;
- Die bevordering van sinergie met die onderskeie strukture, byvoorbeeld die Sportfederasies;
- Koördinering van talentidentifisering en talentontwikkeling; en
- Die ontwikkeling en verskaffing van 'n weg vir verdere ontwikkeling van talentvolle skoolgaande jeugdige.

Skoolsport: rol en verantwoordelikhede van partye (WKOD and DKES):

Vlak 1	Skoolvlak: massadeelname Klasse of huise speel teen mekaar om 'n skoolspan vir elke skool te kies.	Weekliks	DBO / WKOD
Vlak 2	Plaaslike kompetisies Interskoolligas vind maandeliks binne 'n geografiese gebied plaas.	Maandeliks	DBO / WKOD
Vlak 3	Kringkompetisies Top skoie en/of geselekteerde spanne binne een ligging kompeteer deur middel van 'n round robin-kompetisie, binne 'n kring om die beste	Kwartaaliks	DBO / WKOD

	skool/span te kies wat die kring in 'n distrikskompetisie sal verteenwoordig.		
Vlak 4	Distrikskompetisies Top skole en/of geselekteerde spanne kompeteer in 'n toernooi.	Een keer per seisoen	SRSA / DKES
Vlak 5	Provinsiale uitdunne Top skool en/of geselekteerde spanne/atlete kompeteer in 'n kampioenskap.	Een keer per jaar	SRSA / DKES
Vlak 6	Nasionale kampioenskap Geselekteerde provinsiale spanne kompeteer in die nasionale kampioenskap.	Een keer per jaar	SRSA / DKES

Skooldport funksioneer binne die vier Metrodistrikte van die WKOD, naamlike Metro-Sentraal, Metro-Oos, Metro-Noord en Metro-Suid; sowel as vyf landelike distrikte, naamlik, Eden, Kaapse Wynland, Sentraal-Karoo, Overberg en Weskus. Die hooftfokus van Skooldport, veral in elk van hierdie nege skoolportdistrikte, is die bevordering van verskeie aktiwiteite op die volgende vlak en kompetisies vir kinders, byvoorbeeld leerderdeelname aan interdistriks- en interprovinsiale kompetisies, sowel as talentidentifisering en talentontwikkelingsgeleenthede deur, byvoorbeeld die benadering van fokuskode en/of fokusgenre. Skooldport is hoofsaaklik gerig op die bevordering en fasilitering van aktiwiteite op 'n volgende vlak in rekreasie en sport, sowel as kuns en kultuur, op distriks-, provinsiale en nasionale vlak.

Verder word die Skoleprogram vir Woonbuurtes geïmplementeer om die vier woonbuurtgroepe in elk van die nege skoolportdistrikte te ondersteun, met elk van die vier groepe wat op vier verskillende nasionale prioriteitskode vir sport fokus. Dit lei daartoe dat elke distrik op die sestiende nasionale prioriteitskode vir sport lewer.

Hierdie benadering is ingestel op 'n spesifieke woonbuurtgroep as die kern woonbuurtgroep, aangesien dit hier is waar verskeie, verwante skoolgebaseerde sportfasiliteite óf opgegradeer en/óf ontwikkel word, of waar opgradering en/of ontwikkeling beoog word. Die doel van die opgradering/ontwikkeling van die fasiliteite is om 'n benadering van gedeelde fasiliteite te verseker.

Benadering van gedeelde fasiliteite

Ongeveer vier-en-twintig skole in woonbuurte is betrokke by die benadering van gedeelde fasiliteite en die betrokke klubs benut die beskikbare fasiliteite, en dit word ook op 'n gereelde basis benut vir aktiwiteite op die volgende vlak, bemeestering en aktiwiteite en opsigte van talentontwikkeling by Sharp-sentrums.

Tot dusver het die opgradering/ontwikkeling van fasiliteite in die woonbuurtgroep van Metro-Oos plaasgevind en tans vind dit plaas in die woonbuurtgroep van Metro-Suid. Hierna word daar beoog om die skoolgebaseerde sportfasiliteite in die kern woonbuurtgroepe van die volgende skoolportdistrikte te opgradeer/ontwikkel: Weskus; Eden; Sentraal-Karoo; en/of Overberg, met die opgradering/ontwikkeling wat in samewerking met die woonbuurt skole, WKOD, en die DKES plaasvind, met sommige van die geteikende skole wat op die voorsiening van ruimte en gronde fokus, WKOD wat op die beplanning en ontwikkeling van die fisiese infrastruktuur fokus en die DKES wat op aspekte van advies en fasiliteitsbestuur fokus.

Die bekendstelling van hierdie tipe benadering bevorder aktiwiteite op die volgende vlak en bemeestering regoor die Provinsie en verskaf 'n pad vir skoolgaande jeugdiges om op gevorderde vlakke mee te ding.

Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en groei (MGO)


Die MGO-program is 'n program vir naskoolse massadeelname wat op 'n daaglikse basis vir skoolgaande kinders toegang gee tot verskillende prettige, gemodifiseerde aktiwiteite in rekreasie en sport, sowel as in kuns en kultuur. Dit sal die volgende vir die skoolgaande jeug aanbied:

- Toepaslike kodespesifieke aktiwiteite in sport; en
- Toepaslike genre-spesifieke aktiwiteite in die kunste.

Hierdie program word regdeur die Provinsie aangebied by MGO-sentrums wat by 'n laer- of hoërskool gebaseer is. MGO-sentrums wat by laerskole gebaseer is, dien gewoonlik as 'n voedingsbron vir die naburige hoërskoolgebaseerde MGO-sentrums. Sodoende kry die leerder die geleentheid om vir 'n tydperk van minstens 12 jaar deurlopend toegang tot en blootstelling aan geleenthede te hê wat via die MGO-program aangebied word.

MGO-sentrums is hoofsaaklik in histories benadeelde gebiede gebaseer. Aangesien dit die algemene konteks is waarin die MGO-sentrums is, is daar relatief swak fasiliteite, hulpbronne en sekuriteit, of 'n gebrek daaraan. Afgesien van hierdie nadele en omstandighede, vertoon 'n aantal deelnemers vaardighede en talent, sowel as die potensiaal vir verdere ontwikkeling. Deur middel van verskeie prosesse vir talentidentifisering en talentontwikkeling, kry die deelnemers wat potensiaal vir verdere ontwikkeling toon, die geleentheid om hulle vaardighede en talent op 'n volgende vlak te neem. Daar kan dus gesê word dat deelname aan die MGO-program die skoolgaande jeug die geleentheid bied om deel te wees van die talentpoel, veral ten opsigte van die kunste en sport, aangesien dit vir die genoemde jeugdiges 'n wegspringplek bied om toegang te kry tot deelname op 'n volgende vlak.

The MGO-sentrums wat regoor die Provinsie geleë is, word op die kaart hier onder aangedui:



Naskoolse programme

'n Toegeruste leerder het tussen drie en ses jaar addisionele opvoeding ontvang teen die tyd wat hy of sy hoërskool bereik. Naskoolse programme verskaf 'n manier om hierdie gaping te vernou deur geleenthede vir leerders te skep wat min of geen fooie betaal sodat hulle hul passies kan ontdek en aan nuwe geleenthede blootgestel kan word.

Die Naskoolse Program is 'n dwarsliggende program wat deur DKES bestuur word en wat die naskoolsektor tot 'n beroep ontwikkel. Die program het daarin geslaag om alle toepaslike departemente, alle referingsfere en NRO's te betrek wat daartoe gelei het dat 80 000 leerders in meer as 500 skole, waar min of geen fooie betaal word, gereelde toegang (regdeur die jaar) tot naskoolse programme verkry. In die komende jaar sal meer as 100 000 leerders in 600 skole deelneem. 'n Groot deel van die werk van die Naskoolse Program fokus daarop om konsekwente stelsels te verseker vir die naspoor van leerders se bywoning. Ongeveer tweederdes van die data is tans elektronies en aan die CEMIS-stelsel gekoppel. As deel van hierdie program het die Departement sy aanbiedings by MGO-sentrums en NSP uitgebrei om akademiese ondersteuning, touspring, verkenners en verwante programme in te sluit. Die Departement het ook verskeie leweringsmodelle getoets en die lesse hieruit gedokumenteer. Bykomend tot die uitbreiding van programme is daar gefokus om die sektor as 'n beroep te ontwikkel. Dit sluit in uiteensetting, kommunikasie, opleiding en om die navorsing en bewysbasis te ontwikkel. *Educollaborate* is 'n aanlyn-databasis, wat die besonderhede bevat van alle belanghebbende wat met leerders werk. Die platform bevat die programme van ongeveer 300 NRO's, asook alle staatsprogramme. Die program word voortdurend verbeter om die gebruikersondervinding te verbeter.

Die kommunikasieveldtog is gerig op die voordele wat naskoolse programme bied. Plakkate, tydtafels, pamflette en videos is vervaardig, en is beskikbaar op die webwerf. 'n Spektrum van opelingsintervensies is geïmplementeer, met inbegrip van 'n basiese opleidingsprogram vir naskoolse programme, 'n "lei-die-opleier-op"-program, 'n NKR-vlak 6 kwalifikasie vir praktisyns, verskeie onderwyskursusse vir uitvoerende bestuur, en daar word tans gewerk aan 'n doktorsale program. Die Naskoolse Program het in samewerking met skenkers en die hoër onderwyssektor gewerk om hierdie programme te lewer. Gesamentlik bou die suite van opleidingsintervensies die kapasiteit van die sektor en dra dit daartoe by om die sektor tot 'n beroep te ontwikkel. Ten einde hierdie opleiding te ondersteun, is 'n reeks opleidingsbronne, handboeke en videos ontwikkel wat as hulpbronne vir die hele land beskikbaar gestel word. Ter afsluiting, om die ontwikkeling van die bewysbasis te ondersteun, het die sektor met die Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys saamgewerk om navorsing in die sektor te ondersteun en artikels vir tydskrifte te produseer, asook om seminare aangaande die werk van die sektor aan te bied.


5.2 Organisatoriese omgewing

Organisatoriese struktuur

Die Departement sal sy makrostruktuur gedurende die 2019/20-boekjaar hersien. Die Departement se makrostruktuur is soos volg:



Organisatoriese organogram



Kritiese vakatures

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER SALARISBAND, soos op 31 Maart 2018			
Salarisband	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Laer geskoold (vlakke 1-2)	104	104	0
Geskoold (vlakke 3-5)	182	178	2.2
Hoogsgeskoolde produksie(vlakke 6-8)	187	179	4.3
Hoogsgeskoolde toesig (vlakke 9-12)	85	82	3.5
Senior bestuur (vlakke 13-16)	13	13	0
TOTAAL	571	556	2.6

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER PROGRAM, soos op 31 Maart 2018			
Program	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Program 1	104	101	2.9
Program 2	184	177	3.8
Program 3	214	210	1.9
Program 4	69	68	1.4
TOTAAL	571	556	2.6

Vakatures per kritiese beroep is soos volg:

INDIENSNEMING EN VAKATURES PER PROGRAM, soos op 31 Maart 2016			
Program	Getal poste befonds	Getal poste gevul	Vakaturekoers (%)
Argivaris	16	16	0
Kultuurbeampste	5	5	0
Erfenisbeampste	5	5	0
Taalpraktisyn	5	5	0
Bibliotekearis	27	26	3.7%
Museumgeesteswetenskaplike	7	7	0
Sportbevorderingsbeampste	16	16	0
TOTAAL	81	80	1.2%

Werksmagplan 2019/20

Die nuwe MH-plan is op 1 April 2018 geïmplementeer. Die volgende prioriteite is vir die tydperk van 2018 – 2023 geïdentifiseer en goedgekeur:

PRIORITEIT	UITKOMS
Organisatoriese struktuur	'n Werkplek wat prestasie bevorder
Opleiding en ontwikkeling	Bekwame mense in die regte getalle op die regte plek en tyd, en wat die regte houding openbaar

PRIORITEIT	UITKOMS
Opvolgbeplanning en loopbaanontwikkeling	Bekwame mense in die regte getalle op die regte plek en tyd, en wat die regte houding openbaar
Kultuur en etiek	Leiers wat die gedrag weerspieël wat met die organisatoriese kultuur verband hou Hoogs betrokke mense 'n Burger-sentriese prestasiekultuur

Stelsels en IT

Die Departement belê tans in die volgende IT-projekte waarvan stelselimplementering in die 2019-20-boekjaar sal begin:

- Die Departement van Kuns en Kultuur en die Staatsinligtingstechnologie-agentskap verskaf bystand aan onder meer die NAAIRS- en LIMS-stelsels.
- Die implementering van 'n Jaarlikse Befondsingsstelsel vir Kultuursake sal help met die doeltreffende bestuur van die jaarlikse befondsingsproses vir kultuurgroepe wat befondsing deur die Departement benodig.
- Die implementering van 'n gimnasiumbestuurstelsel om toegang tot die WKR Gimnasium beter te bestuur.

Akkommodasie

Die Departement beset tans nege geboue wat gehuur word en 17 geboue wat in die Wes-Kaap deur die staat besit word. Hierdie geboue stel die Departement in staat om sy strategiese doelwitte na te kom.

Soos bespreek in die Departement se plan vir die bestuur van gebruikers se vaste bates vir 2019/20, poog die Departement om die volgende te doen:

- Bou 'n fasiliteit vir bewaring, behandeling en restourasie om nuwe versamelings te huisves en om waardevolle argeologiese materiaal te huisves om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te bevorder deur die skep van doeltreffende en goed funksionerende kuns- en kultuurstrukture, aktiwiteite en omgewings; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en by te staan met die uitvoering van sy wetgewende mandaat
- Bou, huur of verskaf 'n gepaste ruimte vir die komponente van Museum- en Erfenisdienste van die Departement, en om die voorgestelde Kaapstad Museum te huisves.
- Bekom addisionele ruimte binne Hoofkantoor vir die uitbreiding van die Eenheid vir Finansiële Bestuur.
- Die akkommodasievereistes van die Departement moet voldoende fasilitering van verskillende verhoudings en die doeltreffende administrasie van die sport- en kulturfederasies en gemeenskapsname verseker.
- Bekom akkommodasie in die Wes-Kaap vir ses sporthuise om die verskillende federasies te help om hulle onderskeie mandate in die volgende dorpe uit te voer: Beaufort Wes, Oudtshoorn, Caledon, Paarl, Kaapstad en Vredenburg.
- Bekom addisionele ruimte vir die Paarl Streeksportkantoor.
- Die opgradering van raadsale op die 3de verdieping en 5de verdieping by Hoofkantoor.
- Addisionele stoorruimte in die Argief.

5.3 Beskrywing van die proses vir strategiese beplanning

Die Departement se jaarlikse Strategiese Beplanningssessie is op 6 tot 8 Augustus 2018 gehou en is deur die Departement se bestuursplan bygewoon. Op die eerste dag is die ekonomiese konteks en begrotingsprioriteite, wat 'n impak het op die Departement se plan vir 2019/20, deur die Departement se komponent vir Finansiële Bestuur aangebied. Belangrike oorwegings en tydraamwerke vir die Jaarlikse Prestasieplan 2019/20, bedryfsplanne en kwartaallike prestasieverslae is deur die Departement se Beplanningskomitee aangebied.

Veranderinge aan en die huidige status van die Departement se interne omgewing is ook bespreek. Dit het die volgede ingesluit: departementele kommunikasie, assesseringsinstrument vir bestuursprestasie, prestasiemonitering en -evaluering, dwarsliggende projekte soos geslaghoofstroming, die proses van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en gesamentlike beplanningsinisiatiewe, menslike hulpbronne, aanvraagbestuur, akkommodasie en algemene interne bestuur van die Departement.

Op die tweede en derde dag het die Provinsiale Minister van Kuns en Kultuur haar visie en prioriteite vir die Departement en die Hoof van die Departement het sy strategiese rigting uiteengesit. Die Strategiese Plan 2015 – 2019 se visie, missie en doelwitte, sowel as die implementering van die Strategiese Plan 2015 – 2019 is hersien. Die Departement se visie en missie is herbevestig met geen wysigings vir 2019/20. Vordering ten opsigte van die Departement se Strategiese Plan 2015 - 2019 is bespreek. Groepbesprekings het gehandel oor: die skep van 'n meer betrokke, denkende gemeenskap deur biblioteekdienste; om benadeelde groepe met geleenthede in kultuursake en sport te koppel; en om 'n veerkragtige, selfonderhoudende kulturele en kreatiewe ekonomie te skep.

Die hooftemas voortspruitend uit die drie dae lange besprekings was, om dinge anders aan te pak, toenemende samewerking, prioritisering, groter gemeenskapsfokus; fokus op die impak wat op gemeenskappe gemaak moet word.

Programaanbiedings is gevolg deur groepbesprekings oor programprestasie, en vooruitsigte vir die program vir 2019/20-boekjaar. Interne besprekings binne die programme het die vaslegging van hierdie programuitsette tot die Departementele Strategiese Beplanningssessie voorafgegaan.

Die Departement ontmoet sy begunstigdes op 'n jaarlikse basis. Die vergaderings stel die sportfederasies in staat om direk met die Departement sake te doen en om verantwoording te doen vir befondsing wat deur die federasie ontvang is. Hierdie driesydige proses bevorder die beginsels van Batho Pele.

Die strategiese oorsig oor die program vir die ontwikkeling en bevordering van kunste, het beklemtoon dat versterkte verhoudings met munisipaliteite en implementeringsagente onderliggend is aan suksesgebiede. Daar is geïdentifiseer dat formele verhoudings met geïdentifiseerde munisipaliteite in die huidige klimaat van besuiniging sal bydra tot die versterking van die ontwikkeling van kunste op 'n plaaslike vlak.

Die Departement streef ook na nouer intra-departementele samewerking om projekimplementering en die skep van werksgeleenthede te versterk.

Die Departement werk gereeld saam met nie-regeringsorganisasies vir kuns en kultuur, asook gemeenskappe, om seker te maak dat die programme relevant is en dat inisiatiewe in ooreenstemming is met die strategiese rigting van die Departement. Biblioteke betrek munisipaliteite op 'n kwartaallike basis.

Verder doen die Departement evaluering om sy beplanningsproses in te lig. Die UOWP-program is in 2017/18 deur die Departement geëvalueer. 'n Belangrike aanbeveling was dat 'n uitbreidingsstrategie vir alle begunstigdes in die program ontwikkel word en dat hierdie strategie by die werwingstadium in werking gestel moet word. Hierdie aanbevelings en ander wat afkomstig van die evaluering is, is vir implementering in 2019/20 oorweeg. Verder sal die resultate van die formele evaluering van die

OIB (soos bespreek in afdeling 5.1) wat in die 2018/19-boekjaar plaasgevind het, oorgedra word in 2019/20.

Die Departement sal 'n uitkomsevaluering van sy Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek in 2018/19 uitvoer waarvan die aanbevelings sy beplanning vir 2019/20 sal inlig.

6. Departement se doelwitte wat op strategiese uitkomst gerig is

Die Departement se doelwitte wat op strategiese uitkomst gerig is:

Strategiese Doelwit 1	Die lewering van 'n doeltreffende, doelmatige, ekonomiese administratiewe diens.
Doelwitverklaring	Skep 'n instaatstellende omgewing vir tydige dienslewering deur middel van doeltreffende, doelmatige, ekonomiese en billike korporatiewe en bestuursondersteuningsdienste aan interne en eksterne belanghebbende om goeie, skoon en waardegedrewe korporatiewe bestuur te verseker.
Regverdiging	Dit streef daarna om 'n instaatstellende en ondersteunende omgewing te verskaf vir die lewering van ons kernbesigheid van Kultuursake aan alle inwoners van die Provinsie.
Skakels	NU 12, PSD 5

Strategiese Doelwit 2	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap ten einde by te dra tot nasiebou, goeie staatsbestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal; en 'n bydrae tot volhoubare ekonomiese groei en geleenthede.
Doelwitverklaring	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap ten einde by te dra tot nasiebou, goeie staatsbestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal; en 'n bydrae tot volhoubare ekonomiese groei en geleenthede.
Regverdiging	Die Departement het 'n grondwetlike en regsmandaat om die funksies wat met kultuursake verband hou, uit te voer. Hierdeur lewer die Departement 'n belangrike bydrae tot nasiebou en die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal en geleenthede vir ekonomiese groei.
Skakels	PSD 1,2, 3 en 4, NU 14

Strategiese Doelwit 3	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van volhoubare biblioteek-, inligting- argiefdienste.
Doelwitverklaring	Lewer biblioteek-, inligtings- en argiefdienste wat sal bydra tot: • nasiebou • goeie staatsbestuur • die ontwikkeling van menslike kapitaal • volhoubare ekonomiese groei en geleenthede
Regverdiging	• Lewer omvattende biblioteekdienste aan die inwoners van die Wes-Kaap • Die bewaring en gebruik van argieffoeris • Argieffoerisproramme vir die gemeenskappe in die Wes-Kaap • Behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords
Skakels	PSD 1, 2, 3, 4, 5, NU 9, NU14

Strategiese Doelwit 4	Om maatskaplik inklusiewe sport- en rekreasiestrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun.
Doelwitverklaring	Om maatskaplik inklusiewe sport- en rekreasiestrukture en/of -aktiwiteite te inisieer en te ondersteun deur die skep van toegang en geleenthede ten opsigte van deelname aan rekreasie, die MGO-program, skoolsport en sport.
Regverdiging	Met die instelling van 'n samelewing met oop geleenthede, kom die skep van toegang en geleenthede ten opsigte van, byvoorbeeld, skoolsport, rekreasie en sport. Deelname aan enig en/of elkeen hiervan sal help met die verhoging van maatskaplike insluiting, die vermindering van misdaad, geweld, dwelmmisbruik, ensovoorts, en dit sal moontlik lei tot rekreasie- en/of loopbaangeleenthede.
Skakels	PSD 1, 2 en 3, NU 14

7. Oorsig van 2019/20-begroting en MTUR-ramings

7.1 Uitgaweramings

Departement van Kultuursake en Sport

Program	Uitkoms van uitgawe			Aangepaste begroting	Raming van mediumtermynuitgawe		
R duisend	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22
1. Administrasie	56 400	58 962	63 679	64 781	70 928	75 111	79 821
2. Kultuursake	100 538	106 440	110 020	113 138	119 066	123 043	130 220
3. Biblioteek- en argiefdienste	348 433	359 810	364 357	374 794	419 674	432 504	457 669
4. Sport en Rekreasie	180 173	198 161	182 955	186 489	210 637	227 260	239 458
Totaal	685 544	723 373	721 011	739 202	820 305	857 918	907 168

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	338 941	335 284	330 582	338 692	395 053	411 683	437 020
Vergoeding van werknemers	172 948	182 456	193 577	209 789	226 013	240 888	255 147
Goedere en dienste	165 993	152 828	137 005	128 903	169 040	170 795	181 873
Oordragte en subsidies aan:	330 127	373 782	374 628	383 938	406 358	428 478	451 661
Provinsies en munisipaliteite	207 774	228 645	244 829	254 091	267 162	281 573	296 921
Departementele agentskappe en rekeninge	3 118	3 893	3 221	3 700	2 852	3 052	3 187
Universiteite en universiteite van tegnologie							
Openbare maatskappye en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag	117 394	140 584	125 586	125 398	136 314	143 821	151 419
Huishoudings	1 841	660	992	749	30	32	34
Betalings vir kapitaalbates	16 329	14 157	15 757	16 558	18 894	17 757	18 587
Masjinerie en toerusting	16 288	14 157	15 757	16 558	18 894	17 757	18 587
Sagteware en ander ontasbare bates	41						
Betalings vir finansiële bates	147	150	44	14			
Totaal	685 544	723 373	721 011	739 202	820 305	857 918	907 168

7.2 Verband tussen uitgawetendense en doelwitte wat op strategiese uitkomst gerig is

Die 2019-MTUR is daarop gemik om die burgerlike impak te vergroot. Die Departement se begrotingstoewysing vir die 2019/20-boekjaar word met R81 103m of 10.97% vermeerder in vergelyking met die aangepaste beraming vir 2018/19. Die begroting sal toesien dat die Departement sy strategiese uitkoms-georiënteerde doelwitte bereik. Veranderinge in befondsingsvlakke per program word in Deel B: Programprestasie-inligting beskryf.

DEEL B: PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

Die Departement se Begrotingsprogramstruktuur is soos volg:

Program	Subprogram
1. Administrasie	1.1 Kantoor van die LUR 1.2 Finansiële Bestuursdienste 1.3 Bestuursdienste
2. Kultuursake	2.1 Bestuur 2.2 Kuns en Kultuur 2.3 Museumdienste 2.4 Erfenishulpbrondienste 2.5 Taaldienste
3. Biblioteek- en Argiefdienste	3.1 Bestuur 3.2 Biblioteekdiens 3.3 Argiewe
4. Sport en Rekreasie	4.1 Bestuur 4.2 Sport 4.3 Rekreasie 4.4 Schoolsport 4.5 MGO-program

Basislyne wat verband hou met die aanwysers vir Strategiese Doelwitte in die afdelings hier onder word in die Departement se Strategiese Plan 2015-2019 weerspieël. Waar aanwysers vir Strategiese Doelwitte gewysig is (soos in Bylae A uiteengesit) hou basislyne verband met die jaar waarin die wysiging gemaak is.

8. Program 1: Administrasie

Doel: Om algemene finansiële en strategiese bestuursteun sowel as administratiewe steun vir die Departement van Kultuursake en Sport te lewer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliënteskakelings- en ondersteuningsdienste aan die Minister vir Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om 'n algemene finansiële-ondersteuningsdiens aan DKES te lewer, met inbegrip van finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister van Kultuursake en Sport verslag doen.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe steunfunksie aan die Departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiestelsel en strategiese en bedryfssteundiens te lewer, met inbegrip van 'n moniterings- en evalueringsdiens, die implementering van inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering, doeltreffende kliënteverhoudings, of doeltreffende bestuur van intra/inter-regeringsverhoudings en

deur beperkte voorsiening te maak vir instandhoudings- en akkommodasiebehoeftes.

8.1 Strategiese doelwitte

Die Program se strategiese doelwitte dra by tot die Departement se Strategiese Uitkoms-gerigte Doelwit 1.

Strategiese doelwit	Om diensuitnemendheid te bewerkstellig deur middel van die deurlopende verbetering van finansiëlebestuurspraktyke
Doelwitverklaring	Om diensuitnemendheid te bewerkstellig deur middel van die deurlopende verbetering van finansiëlebestuurspraktyke. Ontwikkel doeltreffende beleide, stelsels en prosesse om 'n instaatstellende omgewing te skep vir verbeterde dienslewering ter ondersteuning van die kernbesigheid om diensuitnemendheid te bewerkstellig.
Grondlyn	1

Strategiese doelwit	Om gepaste ondersteuning vir alle ander Programme te verseker om hulle in staat te stel om dienslewering te verbeter.
Doelwitverklaring	Verseker gepaste ondersteuning ten opsigte van die inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering met inligting van Batho Pele, akkommodasie, sowel as monitering en evaluering van prestasie, om alle ander Programme in staat te stel om dienslewering te verbeter.
Grondlyn	8 planne en verslae

8.2 Strategiese doelwit - jaarteikens vir 2019/20

Prestasie-aanwyser vir Strategiese Doelwit		Skakeling met PSD	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermteikens				
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
1.2.1	Getal planne vir die verbetering van finansiële bestuur in plek om diensuitnemendheid te bereik	5	1	1	1	1	1	1	1	1	1
1.3.1	Getal planne en verslae opgestel of ingedien om alle ander Programme in staat te stel om doeltreffende en doelmatige dienste te lewer	5	-	8	8	8	8	8	8	8	8

8.3 Risikobestuur

Risiko 2: Onsekerheid oor begroting (onvoldoende begroting en kapasiteit belemmer die DKES se vermoë om sy mandaat om die Departement se bydrae tot dwarsliggende provinsiale programme te koördineer, na te kom).

Versagtingstrategie: Die DKES beplan om die begroting inkrementeel te verhoog oor die MTUR-tydperk.

8.4 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse and kwartaalteikens vir 2019/20

Programprestasie-aanwyser		Skakelin g met PSD	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermmynteikens							
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	Verslagtyd perk	Kwartaalteikens				2020/21	2021/22
									1ste	2de	3de	4de		
Provinsiale Aanwysers														
Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste														
1.2.1	Getal planne geïmplementeer om outdituikomste te verbeter en om die ouditbevindings van die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur te verminder om diensuitnemendheid te bereik.	5	1	1	1	1	1	Jaarliks	-	-	-	1	1	1
Subprogram 1.3: Bestuursdienste														
1.3.1	Aantal inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering geïmplementeer in lyn met Batho Pele	5	2	2	2	2	2	Kwartaallik s	-	1	-	1	2	2
1.3.2	Getal evaluerings gedoen (wat verband hou met monitering en evaluering)	5	1	1	1	1	1	Jaarliks	-	-	-	1	1	1
1.3.3	Getal kwartaallike prestasiemoniteringsverslae opgestel	5	-	4	4	4	4	Kwartaallik s	1	1	1	1	4	4
1.3.4	Getal gebruikersbatede bestuurs planne ingedien	5	-	1	1	1	1	Kwartaallik s	-	-	-	1	1	1

8.5 Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR

Uitgaweramings

Program 1: Administrasie

Subprogram	Uitkoms van uitgawe			Aangepaste begroting	Raming van mediumtermynuitgawe		
R duisend	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22
Kantoor van die LUR	8 338	7 752	7 834	8 454	9 210	9 670	10 333
Finansiële Bestuursdienste	26 329	28 003	31 806	31 280	34 489	36 495	38 662
Bestuursdienste	21 733	23 207	24 039	25 047	27 230	28 946	30 826
Totaal	56 400	58 962	63 679	64 781	70 929	75 111	79 821

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	52 037	55 076	59 226	61 903	67 693	72 080	76 668
Vergoeding van werknemers	42 193	45 202	48 404	49 783	54 598	57 939	62 064
Goedere en dienste	9 844	9 874	10 822	12 120	13 095	14 141	14 604
Oordragte en subsidies aan:	902	20	458	205			
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge	20	20					
Universiteite en universiteite van tegnologie							
Openbare maatskappye en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	882		458	205			
Betalings vir kapitaalbates	3 438	3 859	3 988	2 673	3 236	3 031	3 153
Masjinerie en toerusting	3 432	3 859	3 988	2 673	3 236	3 031	3 153
Sagteware en ander ontfasbare bates	6						
Betalings vir finansiële bates	23	7	7				
Totaal	56 400	58 962	63 679	64 781	70 929	75 111	79 821

Prestasie- en uitgawetendense

Die begrotingstoewysing word in 2019/20 met 9.49% of met R6.148m vermeerder, van R64.781m in 2018/19 (aangepaste beraming) tot R70.929m in 2019/20.

Die volgende voorsiening vir salarisaanpassings word in 2019/20 ingesluit: 6.4 persent vir salarislakke 1 tot 7; 5.9 persent vir salarislakke 8 to 10; 5.4 persent vir salarislakke 11 to 12, en 5.3 persent vir SBD-lede.

9. Program 2: Kultuursake

Doel: Om kuns- en kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursondersteuning aan Kultuursake te lewer.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die skep van doeltreffende en lewendig funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en by te staan om sy regsmandaat uit te voer.

Subprogram 2.3: Museumdienste

Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenis te versnel deur verskillende dienste te lewer om die Provinsie se erfenis te bewaar, te ontwikkel en te bevorder deur middel van die geaffilieerde museumdienste en geaffilieerde erfenisinstituusies.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste

Om Erfenis Wes-Kaap te ondersteun en by te staan om erfenishulpbronne te identifiseer, te bewaar en te bevorder ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om aangeleenthede verwant aan wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap te fasiliteer ingevolge die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999; om prosesse vir die standaardisering of verandering, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die implementering van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998.

Subprogram 2.5: Taaldienste

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder om dienslewering en toeganklikheid te verbeter; om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel; om die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te fasiliteer; en om administratiewe en bestuurssteun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te verleen om sy wetgewende mandaat uit te voer.

9.1 Strategiese doelwitte

Die Program se strategiese doelwitte dra by tot die Departement se Strategiese Uitkoms-gerigte Doelwit 2.

Strategiese doelwit 1	Om kunsverwante dissiplines en kultuurbedrywighede tot haalbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder.
Doelwitverklaring	Die bevordering van respek vir kulturele diversiteit en die bevordering van artistieke dissiplines tot haalbare geleenthede deur die koestering van talent en uitnemendheid terwyl breedgebaseerde deelname aan en waardering vir die kuns in die gemeenskappe deur middel van kuns- en kultuurprogramme uitgebrei word.
Grondlyn	54 kuns- en kultuurorganisasies

Strategiese doelwit 2	Om doeltreffende en doelmatige professionele en administratiewe steun te gee aan openbare entiteite en staatsorgane waaroor die DKES toesig het en om die uitsette van hierdie instellings te monitor en te evalueer.
Doelwitverklaring	Die verlening van doeltreffende en doelmatige professionele, administratiewe en finansiële ondersteuning aan die openbare entiteite en staatsorgane waaroor die DKES toesig het.
Grondlyn	• Erfenis Wes-Kaap • Wes-Kaapse Kultuurkommissie • Wes-Kaapse Taalkomitee • Die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name • 29 geaffilieerde museums

Strategiese doelwit 3	Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenislandskap te versnel deur verskillende dienste te lewer om die erfenis van die Wes-Kaap te identifiseer, te bewaar, te ontwikkel en te bevorder deur middel van geaffilieerde museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings.
Doelwitverklaring	Die versnelling van die transformasie van die Wes-Kaapse erfenislandskap deur die lewering van verskeie dienste om die provinsie se erfenis te identifiseer, te bewaar, te ontwikkel en te bevorder deur middel van die geaffilieerde erfenisinstellings.
Grondlyn	• 29 geaffilieerde museums. • Die Wes-Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name • Erfenis Wes-Kaap

Strategiese doelwit 4	Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder, die linguistieke wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap te bevorder.
Doelwitverklaring	Die bevordering van veeltaligheid, die regstel van linguistieke wanbalanse van die verlede en die bevordering van die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en deur die lewering van taalondersteuningsdienste aan die Wes-Kaapse Regering.
Grondlyn	• Het die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in alle departemente van die provinsiale regering en instellings goedgekeur en ingefaseer. • 6 ooreenkomste met die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum. • 4 aktiwiteite gerig op die bevordering van veeltaligheid, die regstel van linguistieke wanbalanse van die verlede en die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale. • 2 projekte gerig op die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal. • Die lewering van 3 taalondersteuningsdienste – vertaling, redigering en tolking.

Strategiese doelwit 5	Om aktiwiteite wat kan bydra tot maatskaplike insluiting en maatskaplike samehang, die bevordering van nasiebou en transformasie te ondersteun, te bevorder.
Doelwitverklaring	Die bevordering van aktiwiteite wat kan bydra tot nasiebou en transformasie deur op belangrike openbare vakansiedae programme aan te bied om nasionale waardes te bevorder.
Grondlyn	3 programme/projekte wat fokus op die bevordering van die waardes inherent aan ons nasionale openbare vakansiedae en nasionale en provinsiale simbole.

9.2 Strategiese doelwitte – jaarteikens vir 2019/20

Prestasie-aanwyser vir Strategiese Doelwit		PSD Link	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermteikens				
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
2.1	Getal kunsverwante dissiplines en kultuurbedrywighede tot haalbare geleenthede	3	51	67	59	322	347	347	347	347	347

Prestasie-aanwyser vir Strategiese Doelwit		PSD Link	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermyn teikens				
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
	vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder										
2.2	Getal openbare entiteite en staatsorgane waaraan professionele en administratiewe steun verskaf is	3	32	34*	34	34	34	34	34	34	34
2.3	Getal intervensies om die erfenislandskap in die provinsie te transformeer	3	-	-	-	5	5	5	5	5	5
2.4	Getal projekte om veeltaligheid te bevorder, taalkundige wanbalans van die verlede reg te stel en om die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap te bevorder	3	9	6	6	9	9	9	9	9	9
2.5	Getal aktiwiteite wat maatskaplike insluiting en maatskaplike samehang (nasiebou en transformasie) ondersteun en bevorder	3	3	4	5	6	6	6	6	6	6

* Geaffilieerde museums, openbare entiteite en Komitee vir Geografiese Name

Nota: Die teikens van die aanwyser vir die Strategiese Doelwit verskil van vorige tendense, aangesien die metodes van berekening verander het om die huidige prestasie-aanwysers te weerspieël.

Die DKES is verantwoordelik vir toesig oor die drie geaffilieerde provinsiale openbare entiteite (Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en die Wes-Kaapse Taalkomitee), die Komitee vir Geografiese Name en die geproklameerde statutêre liggame (museums). Prestasieaanwysers wat met elke Openbare Entiteit verband hou, word in hulle jaarlikse prestasieplanne weergegee.

9.3 Risikobestuur

Risiko 1: Die fisiese sekuriteit van die museuminfrastruktuur en museumversamelings word deur diefstal bedreig. Dit het 'n negatiewe impak op die DKES en geaffilieerde museums om hul grondwetlike en wetgewende mandate na te kom om ons erfenis te ontwikkel, te bevorder en te bewaar.

Versagtingstrategie: Saam met die museumowerhede adviseer die DKES, die Departement van Vervoer en die Departement van Gemeenskapsveiligheid museums oor die verbetering van sekuriteitstelsels, sekuriteitsdienste en die monitering van besoekers.

9.4 Programprestasi-aanwysers en jaarlikse en kwartaalteikens vir 2019/20

Programprestasi-aanwyser		Skakelin g met PSD	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermynsteikens							
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	Verslagtyd perk	Kwartaalteikens				2020/21	2021/22
									1ste	2de	3de	4de		
Nasionale Aanwysers														
Subprogram 2.1: Bestuur														
2.1.1	Getal UOWP- werksgeleenthede geskep*	1	397	347	370	305	400	Jaarliks	-	-	-	400	412	424
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur														
2.2.1	Getal praktisyns wat voordeel trek uit geleenthede vir kapasiteitsbou	3	-	249	340	249	249	Kwartaallik s	35	120	71	23	249	249
2.2.2	Getal gemeenskapsgesprekke /dialoë gehou	3	-	3	4	3	3	Kwartaallik s	-	-	-	3	3	3
2.2.3	Getal nasionale en geskiedkundige dae gevier	3	3	3	3	3	3	Kwartaallik s	1	1	1	-	3	3
2.2.4	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	3	25	30	33	32	34	Kwartaallik s	-	-	-	34	33	33
Subprogram 2.3: Museumdienste														
2.3.1	Getal promosieintervensies oor die bevordering van nasionale simbole en ordes	3	-	3	3	3	3	Kwartaallik s	-	1	1	1	3	3
Subprogram 2.5: Taaldienste														
2.5.1	Getal taalkoördineringsstruktur e ondersteun	3	1	1	1	1	1	Kwartaallik s	-	-	-	1	1	1

Programprestasie-aanwyser		Skakelin g met PSD	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermyn teikens							
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	Verslagtyd perk	Kwartaal teikens				2020/21	2021/22
									1ste	2de	3de	4de		
Provinsiale Aanwysers														
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur														
2.2.5	Getal kuns- en kultuurorganisasies ondersteun deur oordragbetalings	3	51	67	59	55	60	Kwartaallik s	20	25	10	5	60	60
2.2.6	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel	3	30	22	22	18	18	Kwartaallik s	3	8	5	2	18	18
2.2.7	Getal Kultuurkommissies ondersteun deur oordragbetalings	3	-	-	-	1	1	Kwartaallik s	-	-	1	-	1	1
Subprogram 2.3: Museumdienste														
2.3.2	Getal geaffiliseerde museums ondersteun	3	28	24***	24	30***	30	Kwartaallik s	24	-	-	6	30	30
2.3.3	Hou 'n Museumdiens in stand om steun te verleen aan geaffiliseerde museums	3	-	-	-	1	1	Kwartaallik s	-	-	-	1	1	1
2.3.4	Getal Museumdienste-simposiums aangebied	3	-	-	-	1	1	Kwartaallik s	1	-	-	-	1	1
2.3.5	Getal Museumdiens opvoedkundige programme gelewer	3	-	-	-	3	3	Kwartaallik s	-	1	1	1	3	3
Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste														
2.4.1	Getal provinsiale erfenishulpbron- bestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteunl	3	1	1	1	1	1	Kwartaallik s	-	1	-	-	1	1
2.4.2	Getal geografiese name geverifieer en hersien deur die Wes-	3	502	340	340	340	340	Kwartaallik s	-	110	110	120	340	340

Programprestasie-aanwyser		Skakeling met PSD	Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2018/19	Mediumtermyn teikens							
			2015/16	2016/17	2017/18		2019/20	Verslagtydperk	Kwartaal teikens				2020/21	2021/22
									1ste	2de	3de	4de		
	Kaapse Provinsiale Komitee vir Geografiese Name													
2.4.3	Getal provinsiale strukture vir geografiese name in die Wes-Kaap ondersteun	3	1	1	1	1	1	Kwartaalliks	-	-	-	1	1	1
Subprogram 2.5: Taaldienste														
2.5.2	Getal projekte wat aandag gee aan die wetgewende mandaat om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder	3	9	6	6	6	6	Kwartaalliks	1	2	1	2	6	6
2.5.3	Getal amptelike tale van die Provinsie Wes-Kaap waarin taaldienste gelewer word	3	3	3	3	3	3	Kwartaalliks	-	-	-	3	3	3

* Die teikens vir 2016/17, 2017/18 en 2018/19 is op die MTUR-toekenning gebaseer en sluit nie die UOWP se Geïntegreerde Toelae vir Provinsies in wat vir elke jaar volgens die vorige jaar se prestasie toegeken kan word nie. Die toekenning van 'n aansporingstoelae vir 2018/19 was R 3 054 000.

** Addisionele projekte is uit interne herpriorisering befonds.

***Hierdie syfer weerspieël slegs die getal geaffilieerde museums aan wie die Departement oordragbetalings gemaak het. Dit sluit die vyf provinsiale museums en die Kango-grotte Museum uit.

9.5 Versoening van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

Uitgaweramings

Program 2: Kultuursake

Subprogram	Uitkoms van uitgawe			Aangepaste begroting	Raming van mediumtermynuitgawe		
R duisend	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22
Bestuur	4 930	3 416	3 262	3 791	3 712	3 972	4 225
Kuns en Kultuur	30 698	34 201	36 794	33 893	36 897	39 111	41 140
Museumdienste	54 059	56 048	58 549	62 712	64 960	65 593	69 599
Erfenishulpbrondienste	6 598	8 668	7 642	8 194	8 546	9 089	9 664
Taaldienste	4 253	4 107	3 773	4 548	4 951	5 278	5 591
Totaal	100 538	106 440	110 020	113 138	119 066	123 043	130 219

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	61 737	61 517	64 594	74 766	79 166	83 769	88 525
Vergoeding van werknemers	49 593	49 252	51 921	57 589	61 701	65 787	70 410
